24. Samelewingsake

24.1 RAPPORT DEPUTATE VIR KORRESPONDENSIE MET SENTRALE EN STREEKSOWERHEDE (Artt.115, 193)

A. Dr. T. van der Walt stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Samelewing 1.
C. Dr. H.G. Stoker stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Opdrag

1.1 Stuur die adres van die Deputate aan die Staatsdepartemente en Provinsiale Administrasies/Streekrade en publiseer dit in *Die Kerkblad* en *Almanak*.

1.2 Gee aandag, in die lig van genome Sinodebesluite en die Kerkorde, aan sake wat deur vergaderings in ons kerkverband, kerke waarmee ons in korrespondensie staan, die Owerheid en deur korrespondensie na die Deputate verwys is.

1.3 Hou wetgewing voortdurend dop en tree op, indien nodig, in die lig van die besluite van die Sinode.

1.4 Die opdrag oor die toepassing van die Wet op Publikasies moet verder gehanteer word.

1.5 Gesprek met Parlementslede/Streeksverteenwoordigers moet, indien moontlik en nodig, nog plaasvind

1.6 Ontheiliging van die Rusdag - hou steeds onder oë en getuig waar nodig.

1.7 Bly betrokke indien die Nasionale Plan insake Alkohol en Dwelmmisbruik voortgesit word.

Besluit: Kennis geneem.

1.8 *Kapelaansdienste*

1.8.1 Hantering van Kapelaansdiens, Ooreenkoms en reëlings met betrekking tot die Kapelaansdiens.

1.8.2 Benoem, volgens die huidige reëling insake die kapelaansdienste, ’n verteenwoordiger op die Christelike Adviesraad vir die Beskermingsdienste (vroeër die Kapelaansraad).

1.9 Gesprek met die Staatspresident/Owerheidsinstansies moet soos nodig voortgesit word.

1.10 Gee so gereeld moontlik noodsaaklike inligting aan Kerkrade deur, wat die profetiese en koninklike roeping van die plaaslike kerk kan versterk.

1.11 Deputate moet saam met die Deputate vir CO die erkenning en beskerming van Christelike opleidingsinstansies sterk by die Owerhede bepleit.

1.12 *Immigrasie*

1.12.1 Tree met die owerheidsinstansies in gesprek oor immigrasiebeleid en dring daarop aan dat by die keuring van immigrante rekening gehou word met die lewensnorme van Christene in Suid-Afrika.

1.12.2 Gee spesifiek en algemene inligting oor immigrasie en immigrante aan die kerke deur en dui geleenthede vir betrokkenheid deur lidmate aan.

1.12.3 Skakel met die oog op die effektiewe uitvoering van die opdragte, met instansies soos MVI.

1.13 Benoem ’n suster op die Deputate ten einde die Gereformeerde Kerke se saak te stel by geleenthede waar dames versoek word om dit te doen.

1.14 Versoek Partikuliere Sinodes (en waar nodig Klassisse) om self ook Deputate te benoem om met Streeksowerhede te skakel. Indien nodig moet Partikuliere Sinodes volgens die beginsel van KO, art. 30 sake onder die aandag van hierdie Deputate bring vir kennisname of besluite deur die Nasionale Sinode.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

2.1 Stuur die adres van die Deputate aan die Staatsdepartemente en Provinsiale Administrasies/Streekrade en publiseer dit in *Die Kerkblad* en *Almanak*: Die opdrag is afgehandel.

2.2 Gee aandag, in die lig van genome Sinodebesluite en die Kerkorde, aan sake wat deur vergaderings in ons kerkverband, kerke waarmee ons in korrespondensie staan, die Owerheid en deur korrespondensie na die Deputate verwys is: U Deputate het gereeld aan hierdie aangeleentheid aandag gegee en kommentaar gelewer soos nodig.

2.3 Hou wetgewing voortdurend dop en tree op, indien nodig, in die lig van die besluite van die Sinode. Verwys na artikel 4 van hierdie Rapport.

2.4 Die opdrag oor die toepassing van die Wet op Publikasies moet verder gehanteer word. Hierdie punt is nie pertinent deur u Deputate gehanteer nie. Verwys ook na art. 3.1

2.5 Gesprek met Parlementslede/Streeksverteenwoordigers moet, indien moontlik en nodig, nog plaasvind: 'n Gesprek het plaasgevind met Gereformeerde parlementslede in Kaapstad. By 'n verdere geleentheid is die Deputate deur 'n Gereformeerde parlementslid in Potchefstroom toegespreek.

2.6 Ontheiliging van die Rusdag - hou steeds onder oë en getuig waar nodig. Met die aanloop tot die algemene verkiesing van 1999 was daar sprake dat die verkiesing op 'n Sondag sou plaasvind. U Deputate het by wyse van 'n persverklaring 'n versoek aan die owerheid gerig om die algemene verkiesing nie op 'n Sondag te laat plaasvind nie.

2.7 Bly betrokke indien die Nasionale Plan insake Alkohol en Dwelmmisbruik voortgesit word. In dié opsig is 'n brief ontvang van die WNNR (Paaie- en Vervoertegnologie) waarin voorstelle gevra is vir die ontwikkeling van 'n dwelmherkenningsprogram vir wetstoepassers. U Deputate het geantwoord dat hulle nie oor die nodige kundigheid beskik nie en die skrywers na kundiges verwys.

2.8 *Kapelaansdienste*

2.8.1 Hantering van Kapelaansdiens, Ooreenkoms en reëlings met betrekking tot die Kapelaansdiens. Gedurende die termyn van u Deputate het die Gereformeerde Kerk Voortrekkerhoogte ontbind. 'n Nuwe ooreenkoms, alhoewel tydelik, is tussen die staat en Gereformeerde Kerk Daspoort onderteken nadat ds. S.C. Vorster na die GK Daspoort beroep is

2.8.1.1 'n Skrywe is gerig oor die status en taak van konstitusie van Christelike Adviesraad. Die rede daarvoor is dat die konstitusie van die Raad bepaal dat dit die reg het om lede vir die Kpln-genls en HK direkteure vir aanstelling te nomineer. Die saak is verwys na 'n Studiekommissie oor kerk/staat wat aan die volgende vergadering van die Raad sal terugrapporteer.

2.8.1.2 'n Skrywe is ook gerig oor die meriete-beoordeling van kapelane. Die probleem is:

- Dit is eensydig ingevoer deur die kapelaansdienste
- Die meriete-beoordelingsvorm leen homself daartoe om eerder die professionele soldaat-wees as die Woordbedieningstaak van 'n kapelaan te meet
- Die plaaslike kerk waaraan die kapelaan gebind is, behoort 'n insae te hê in die merietebeoordeling
- Kapelane behoort dan ook in aanmerking te kom vir die toekenning van meriete-bonusse wat tans nie die geval is nie.

Die SAPD het nie 'n meriete beoordelingstelsel nie. Die algemene gevoel is dat die departemente nie die plaaslike kerke waaraan 'n kapelaan gekoppel is, in die meriete-beoordeling hoef te nader nie. Meriete-beoordeling is algemene staatsdienspraktyk.

2.8.1.2 Die Kapelaan-generaal SANW het gedurende 1999 eensydig besluit om ds. S.C. Vorster na Messina te verplaas. Die kerk/staat ooreenkoms is nie in die opsig nagekom met die verplasing nie.

2.8.1.3 Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Daspoort het egter besluit om ds. S.C. Vorster te adviseer om aansoek te doen vir 'n vrywillige skeidingspakket en om voluit die bediening in 'n gemeente waar te neem.

2.8.2 Benoem, volgens die huidige reëling insake die kapelaansdienste, 'n verteenwoordiger op die Christelike Adviesraad vir die Beskermingsdienste (vroeër die Kapelaansraad). Prof. J.M. Vorster is benoem, en ook verkies as Ondervoorsitter en vir die laaste twee termyne as Voorsitter van die Christelike Adviesraad vir die Beskermingsdienste.

2.9 Gesprek met die Staatspresident/Owerheidsinstansies moet soos nodig voortgesit word (Opdrag 1.15):

2.9.1 In terme van 'n opdrag aan u Deputate (Acta 1997, 883, E 2) moes die besorgdheid van die Sinode rakende die geweldsituasie aan die Staatspresident oorgedra word. Geen afspraak kon met die Staatspresident bewerkstellig word nie. Briewe is aan die President en Adjunk-president sowel as aan die premiers van die verskillende provinsies gerig waarin die Sinodebesluit skriftelik oorgedra is.

2.9.2 Dr. T. van der Walt en prof. A. le R. du Plooy het wel 'n gesprek tussen die Regering en afgevaardiges vanuit die Afrikaanse Kerke bygewoon asook 'n konferensie oor kulturele en godsdienstige regte wat deur die staat gereël is. Verwys na art. 3.5

2.10 Gee so gereeld moontlik noodsaaklike inligting aan kerkrade deur, wat die profetiese en koninklike roeping van die plaaslike kerk kan versterk. Verwys na die Aanvullende Agenda oor die hersiene werkswyse van u Deputate.

2.11 Deputate moet saam met die Deputate vir CO die erkenning en beskerming van Christelike opleidingsinstansies sterk by die owerhede bepleit. Daar waar die geleentheid was (kyk art. 3.5) is die taak pertinent gestel en klaarblyklik ook simpatiek ontvang.

2.12 Immigrasie: Ds. D. Laufs het u Deputate verteenwoordig by die Maatskappy vir Immigrasie en rapporteer dat die plaaslike versorging van immigrante met die hulp van streekskantore in Pretoria en Kaapstad nog steeds voortgaan. Die fokus van die MVI het dus verskuif van werwing na inburgering.

2.13 Benoem 'n suster op die Deputate ten einde die Gereformeerde Kerke se saak te stel by geleenthede waar dames versoek word om dit te doen (Opdrag 1.19): Sr. A. du Plessis is op die Deputate benoem. Sy het voortdurend 'n voortreflike bydrae gelewer.

2.14 Versoek Partikuliere Sinodes (en waar nodig Klassisse) om self ook Deputate te benoem om met Streeksowerhede te skakel. Indien nodig moet Partikuliere Sinodes volgens die beginsel van KO, art. 30 sake onder die aandag van hierdie Deputate bring vir kennisname of besluite deur die Nasionale Sinode. Verwys na die Aanvullende Agenda oor die hersiene werkswyse van u Deputate.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 U Deputate het wel klagtes sowel as 'n oproep vir ondersteuning teen die vertoning van die film "The Last Temptation of Christ" ontvang. Daar is terstond skriftelik beswaar teen die vrystelling van die video by die Film en Publikasieraad gemaak. Laasgenoemde instelling het nie ontvangs erken op die skrywe nie.

3.2 U Deputate het briewe gerig aan die Staatspresident en ook Provinsiale Premiers om beswaar aan te teken en om ook 'n beroep te doen om sake soos misdaad, geweld en moord met kragdadige optrede die nek in te slaan en om wetsgehoorsame burgers die beskerming van die owerheid te bied. U Deputate het ook afskrifte van briewe wat deur 'n Klassis en Kerkraad aan verskillende rolspelers gerig is. Op geen van hierdie briewe is ooit skriftelik gereageer nie.

3.3 'n Brief is van die Waarheids- en Versoeningskommissie ontvang met die versoek om 'n voorlegging aan die Kommissie te maak betreffende optrede oor verskeie aangeleenthede van die GKSA in die verlede. Voorstelle oor toekomstige optrede van die Kerk en samelewing kon ook gemaak word ten einde menseregteskendings te verhoed. In die lig van bestaande Sinodebesluite (en mede in die lig van 'n onbeantwoorde brief aan die Voorsitter van die Kommisssie, gedateer 12 Augustus 1996) het u Deputate nie hulle weg oopgesien om 'n voorlegging te maak nie.

3.4 Die Voorsitter van u Deputate het op 'n stadium druk uit verskeie oorde ervaar om voor die Waarheids- en Versoeningskommissie te verskyn. In lig van Sinodebesluite, en ook omdat vertroue verloor is in die nuttigheid van skakeling met die Waarheids- en Versoeningskommissie, is besluit om nie 'n voorlegging aan die Kommissie te maak nie.

3.5 'n Uitnodiging is aan dr. T. van der Walt en prof. A. le R. du Plooy gerig om as deel van 'n groep

Afrikaanse kerkleiers president T. Mbeki en minister G. Buthelezi te ontmoet ten einde gesprek te voer oor sake van gemeenskaklike belang. Verskeie sake van belang is van beide kante aangeraak. Op ons versoek het die regering onderneem om die gesprek voort te sit, en te oorweeg om dit op 'n gereelde basis te doen. Tot dusver was daar nog geen verdere optrede nie.

3.6 Kapelaansdienste

3.6.1 Bestaan daar nog enige necessitas vir GKSA se voortgesette deelname aan die Kapelaansdienste in SANW en SAPD? [Korrektiewe dienste word uitgesluit omdat die opset daar heeltemal verskillend is van die SANW is.]

3.6.2 Uit die historiese gegewens is dit opvallend dat in buitegewone tye soos oorlogsituasie die getalle van kapelane toegeneem het, terwyl dit in vredestye weer drasties afgeskaal is.

3.6.3 Die onderliggende rede daarvoor is dat in normale omstandighede kerke/gelowe self verantwoordelik is vir die godsdienstige versorging van hulle lidmate. Wanneer buitengewone situasies geld (soos 'n oorlogsituasie waar die staat sy burgers onttrek en ontplooi in 'n situasie waar dit vir kerke/gelowe onmoontlik is om self hulle lidmate/lede godsdienstig te versorg), voorsien die staat dan die ruimte vir kerke om via die kapelaansdiens hulle lede godsdienstig te versorg. In vredestye word die taak weer teruggegee aan die kerke om die taak self te verrig terwyl net 'n professionele kernkorps oorbly om kontinuïteit te verseker in situasies wat nog bestaan wat dit vir kerke onmoontlik maak om hulle lidmate te bereik.

3.6.4 Die neiging bestaan dat die kapelaansdiens die bande met die plaaslike kerke op 'n baie losser basis wil hê sodat dit makliker is om kapelane te kan verplaas. Die aanstelling van kapelane gaan in die toekoms ook net op 'n termynbasis geskied (bv. vir 5 jaar) waarna hy heraangestel kan word of weer deur die kerk teruggeneem moet word. Aanstellings gaan ook voortaan gedoen word nadat die pos in die media geadverteer is sonder dat die kerke daarin inspraak gehad het.

3.6.5 Ingevolge art. 15 van die konstitusie het die kerk nog steeds die reg om sy lidmate te bedien waar hulle hulle ookal bevind en die owerheid kan hulle nie daardie reg ontneem nie.

Toekomstige werkswyse

Dit het toenemend duidelik geword dat die tradisionele werkswyse wat in die verlede deur Deputate vir Gesprek met die Owerheid gevoer is, indringend hersien moet word. U Deputate het dan ook heelwat tyd en aandag aan besinning en herbeplanning bestee. Hoewel u Deputate dit eens is oor die hooftrekke, is daar besonderhede waaraan tans nog gewerk word. Daarom versoek u Deputate beleef dat hierdie saak oorstaan vir die Aanvullende Agenda. Om dieselfde rede hou u Deputate sy voorstelle vir die opdrag(te) aan die volgende Deputate eers agterweë.

E. AANVULLENDE RAPPORT

In die Rapport het die Deputate gestel dat ons oor twee sake aanvullend sal rapporteer:

a) 'n voorstel oor 'n hersiene werkswyse, en in die lig daarvan ook
b) hersiene opdragte aan die nuwe Deputate.

1. Werkswyse

1.1 *Doel*

Om nie net deur middel van Deputate nie, maar ook deur soveel as moontlik lidmate by die verskillende owerheidsinstansies oor belangrike aangeleenthede te getuig.

Afgesien van hulle primêre taak – om namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika (en waar nodig, ook met ander owerheidsinstansies) te skakel – behoort die Deputate hulle pertinent daarop toe te spits om ons lidmate toe te rus om hulle plig as landsburgers maar boweal as gelowiges effektief na te kom deur 'n duidelike getuienis oor aktuele sake tot die owerheid op die verskillende vlakke te laat uitgaan.

1.2 *Agtergrond*

Die tradisionele wyse van skakeling met veral die nasionale owerheid was tot dusver gesprekke op die hoogs moontlike vlak. Sedert 1994 het dit toenemend 'n moeisame proses geword met soms twyfelagtige resultaat.

Eerder as om hierdie gesprekke te beperk, behoort hulle dramaties uitgebrei te word deur hulle nie net op sogenaamde topvlak te voer nie, maar dit uit te brei na alle geledinge, net net

provinsiaal nie maar ook wat plaaslike bestuur betref. Dit moet ook nie net amptelike verteenwoordigers wees wat hulle stem laat hoor nie, maar soveel as moontlik van ons lidmate – in hulle hoedanigheid as landsburgers, maar by uitstek kragtens die amp van die gelowige.
Hiervoor moet hulle uiteraard op kundige wyse toegerus word. Hoe dit sou kon geskied, word in hierdie Memorandum uiteengesit.
So 'n benadering sal ongetwyfeld op weerstande stuit. Dit gaan sonder meer dwars teen die neiging van heelwat lidmate in die verlede, en ook tans, sy dit om verskillende redes en op verskillende maniere. Waar daar voor 1994 by sommige 'n tendens was om te kritiekloos sake aan die regering van die dag oor te laat (behalwe dan op stemdag), is die versoeking tans om met 'n gevoel van magteloosheid jou aan landsake te onttrek.
God gebruik meermale praktiese omstandighede om ons na die beginsel terug te bring. Daar word heelwat gepraat oor die verval van die amp van die gelowige. Hier is 'n manier om dit minstens op die terrein van burgerpligte te laat herleef.

1.3 *Die kern*

Eintlik is die resep baie eenvoudig. Basies kom dit op die volgende neer:

1.3.1 Identifiseer die belangrikste sake wat in die afsienbare toekoms aktueel gaan wees (of desnoods reeds is).

1.3.2 Laat deskundiges hieroor Skrifgetroue populêr-wetenskaplike inligtingstukke opstel.

1.3.3 Stel dit tot beskikking van almal wat belangstel en hulle stem op gepaste wyse wil laat hoor.

Hierop kan uiteraard verder voortgebou word, soos dat Kerkrade die inligting deur besprekingsgeleenthede laat deurwerk, of dat optrede in mindere of meerdere mate georkestreer word, of dat terugvoering gereeld geëvalueer word.
'n Kernvraag is: Wie doen wat – en wie betaal?
Belangriker is: Wil ons? Is dit ons erns om te getuig?
Die heel belangrikste is uiteraard: Wat verwag die Here van ons as gelowiges in die Nuwe Suid-Afrika?

1.4 *Aanvoorwerk*

U Deputate kon nie daarin slaag om 'n volledig uitgewerkte plan aan die Sinode voor te lê nie. Die saak is egter so belangrik dat dit nie eers tot die volgende Sinode in die beplanningstadium kan bly nie. Ons vertrou dat wat in hierdie Memorandum en in die Bylaes gestel word, voldoende is om die Sinode die voorgestelde (addisionele) werkswyse te laat goedkeur, sodat die nuwe Deputate nie net die plan verder kan verfyn nie, maar intussen ook al reeds begin implementeer – uiteraard binne 'n duidelike raamwerk.
'n Moontlike wyse waarop die eerste stap – die identifisering van sake wat binne die afsienbare toekoms aktueel gaan wees – minstens voorberei sou kon word, word in Bylae A uiteengesit. Van u Deputate probeer steeds om hiervoor die nodige fondse te werf, maar tot dusver nog sonder sukses.
Vir die tweede stap – dat deskundiges hieroor Skrifgetroue populêr-wetenskaplike inligtingstukke opstel – sou die Deputate gebruik kon maak van 'n koördineerder (hetsy 'n persoon, hetsy 'n klein komiteetjie) sê in Potchefstroom, wat gereeld op hoogte gehou word deur die luisterpos in Kaapstad (en eventueel ook elders), sodat hy/sy/hulle kundiges kan identifiseer wat op 'n vrywillige basis en desnoods in eie reg oor die betrokke sake gereeld vanuit Gereformeerde geledere tydige en deskundige voorleggings ter tafel gelê kon word, sy dit dan nie noodwendig altyd formeel namens die Gereformeerde Kerke nie.
Hierdie vertoë sou ook verwerk kon word in populêre inligtingstukvorm, of in artikels in *Die Kerkblad* (en aanverwante publikasies), sodat lidmate op hulle beurt ook kundige vertoë kan rig en die openbare mening positief kan probeer beïnvloed – die derde stap van bogenoemde aksieplan. Van die geleenthede wat die Grondwet in hierdie verband bied, moet voluit gebruik gemaak word. Kyk in hierdie verband Bylae B.
Besluit: Kennis geneem.

2. Hersiene opdrag

Die Sinode 1997 het reeds begin om die uiteenlopende rits opdragte van hierdie Deputate te rasionaliseer en te sistematiseer. Hierdie proses kan egter goedskiks nog verder gevoer word. Daarbenewens het die voorgestelde hersiene werkswyse van die Deputate (soos hierbo uiteengesit) uiteraard ook implikasies vir die opdrag aan die Deputate.
Die fokus behoort op die inisiërende en koördinerende rol van die Deputate vir die interaksie tussen Kerk en Staat te wees, en daarom ook nie te veel detail-spesifikasies te bevat nie. Die Sinode kan uiteraard van tyd tot tyd konkrete sake wat spesifieke aandag behoort te ontvang, pertinent in die mandaat van die Deputate insluit, maar hulle hoef nie daarna as 't ware roetinematig gekonitueer te word nie.
Dit impliseer dat sake soos immigrasie (1.12 van die huidige opdragte), of die Wet op Publikasies (1.4), die ontheiliging van die Rusdag (1.6), en die Nasionale Plan insake Alkohol- en

Dwelmmisbruik (1.7) nie spesifiek uitgelig hoef te word nie, hoe belangrik hierdie sake ook al mag wees. Ook die benoeming van 'n suster op die Deputate (1.3) en die versoek van Partikuliere Sinodes om Deputate te benoem om met Streeksowerhede te skakel (1.14), is sake wat die Sinode self kan doen en dus nie na Deputate hoef te verwys nie. Die gebruiklike gesprek met Parlementslede/Streeksverteenwoordigers (1.5), wat ook lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is, is deur die geskiedenis agterhaal. En dan is die Deputate vir Christelike Onderwys sekerlik in staat om self die saak van Christelike Onderwys by die verskillende owerhede te bepleit (1.5), en boonop meer kundig.

Opdragte 1.2 (om aandag te gee aan sake wat na hulle verwys is) en 1.9 (voortsetting van die gesprek met die Staatspresident/Owerheidsinstansies) is so vanselfsprekend dat dit nie uitdruklik genoem hoef te word nie, terwyl 1.1 (die deurgee van die adres van die Deputate an Staatsdepartemente en Provinsiale Administrasies/Streeksrade weinig nut het in die lig van die feit dat die Administratiewe Buro in elk geval beskou word as die adres van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Indien die Sinode die hersiene werkswyse aanvaar, is 1.3 (hou wetgewing voortdurend dop) en 1.10 (gee so gereeld moontlik noodsaaklike inligting aan kerkrade deur) in elk geval daarby inbegrepe.

Hangende die besluit van die Sinode oor Kapelaansdienste sou hierdie opdrag (1.8) steeds vir die rekening van die nuwe Deputate kon bly.

Die huidige 14 opdragte aan die Deputate (tot en met Sinode 1997 was dit 24!) – met hulle onderskeie onderafdelings en uitbreidings – sou dus tot die volgende 3 (eventueel 2) gereduseer kon word:

2.1 Om namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die nodige skakeling met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika te onderhou.
2.2 Om die kerke by te staan in hulle skakeling met die owerhede op die verskillende vlakke.
2.3 Om namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op te tree ten opsigte van die Kapelaansdiens en moontlike soortgelyke gevalle.
Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbevelings

3.1 Die Sinode neem van bogenoemde kennis.
3.2 Die voorgestelde werkswyse word aanvaar.
3.3 Die gewysigde opdrag word aanvaar. Deputate word aangewys om:
3.3.1 namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die nodige skakeling met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en ander instansies waarmee ons as Gereformeerde Kerke moet skakel (soos bv. die MVI) te onderhou.
3.3.2 kerke van die GKSA by te staan in hulle skakeling met die owerhede op die verskillende vlakke; asook om, waar nodig en moontlik, met ander kerke mee te werk in die skakeling met die owerhede, waaronder die moontlike betrokkenheid by 'n "luisterpos" by die Parlement.
3.3.3 namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op te tree ten opsigte van die kapelaansdienste en moontlike soortgelyke gevalle (w.o. vrywillige deeltydse kapelane).
3.4 Die Sinode moedig die Partikuliere Sinodes aan om Deputate te benoem vir skakeling met die betrokke provinsiale owerhede
3.5 Die Sinode roep lidmate op om hulle roeping kragtens die amp van die gelowige ook in landsake getrou na te kom.
Besluit: Goedgekeur.

24.2 RAPPORT DEPUTATE NOODTOESTANDE (Artt.92, 167)

A. Ds. P. Fanoy stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Diakonale Sake.
C. Ds. C.S. Grobler stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 1997:860-863.

1.1 Algemeen:

1.1.1 Die Deputate vir Noodtoestande moet ondersoek instel na noodsituasies en –toestande binne en buite die Republiek van Suid – Afrika. Die Deputate moet gegewens bekom oor die nood van geloofsgenote binne en buite die GKSA en ook van ander (Gal 6:10).

1.1.2 Daarna moet die Deputate met inligting na kerke gaan en die aard van die insameling meld.

1.1.3 Oor sake wat die uitvoering van hul opdrag raak, onderhou die Deputate kontak met ander liggame of instellings wat aan behoeftiges hulp verleen, sowel as met Deputate met soortgelyke opdrag van Kerke waarmee die GKSA in korrespondensie staan.

1.2 Samestelling:

Die Deputate moet ook diakens uit twee kerke insluit (By diakonieë moet afstande in ag geneem word).

1.3 Werkswyse:

1.3.1 Oor die vraag "Waar die diaken se taak ophou en waar die Deputate moet begin" geld die volgende standpunt: Die plaaslike diakonie doen wat hulle kan uit beskikbare fondse. Wanneer die plaaslike diakonie die toestand nie meer kan hanteer nie, kan hulle hulle deur die kerkraad na die Deputate vir Noodtoestande wend. Indien moontlik moet die versoek deur die Klassis gerugsteun word. Elke saak sal op meriete behandel word.

1.3.2 Die uitdeling moet volgens die eis van die diakenamp geskied.

1.3.3 Die Fonds vir noodtoestande moet voortbestaan. Die benoemde Deputate moet die fonds uitbou en ook vir eventuele noodtoestande aanwend.

1.4 Besondere opdragte (vgl Acta 1997:860, 2.4):

1.4.1 Die Deputate kry as primêre opdrag om in samewerking met plaaslike diakonieë, ook in ander Nasionale Sinodes, daadwerklike en deurlopende hulp te verleen aan alle mense wat geen kos, klere en onderdak het nie

1.4.2 Die Deputate kan kontak maak en behou met ander kerklike instansies wat gemoeid is met soortgelyke hulpverlening.

1.4.3 Die Deputate moet by konstituering iemand uit eie geledere aanwys om sake na Radio en TV en die kerklike nuusblaaie deur te stuur.

1.4.4 Die Deputate kry opdrag om weë en middele te vind om hullle werk aan die kerk in die ressort van die Algemene Sinode bekend te stel.

1.4.5 Die Deputate kry opdrag om riglyne vir aansoeke op te stel en aan diakonieë te verskaf.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

1.1 *Samestelling van Deputate*

'n Diaken van onderskeidelik die kerke Randburg en Roodepoort is op die Deputate benoem en die Deputate het deurentyd dieselfde gebly. 'n Dagbestuur bestaande uit die Voorsitter, Skriba en een Diaken is aangewys.

1.2 *Uitvoering van opdragte*

1.2.1 Waar die Deputate van omstandighede bewus was wat moontlike noodsituasies kon oplewer, is die nodige navrae tot moontlike hulpverlening gedoen. Dit kan met dankbaarheid gemeld word dat sodanige hulp gedurende die tydperk nie nodig was nie.

1.2.2 Die kerkverband is voortdurend op hoogte gehou van sake waaroor hulle kennis moes verkry. Dit is gedoen met skrywes wat elke jaar uitgestuur is. Bydraes tot die fonds is met dieselfde skrywes gevra. Daarby is hulp van diakonieë gevra in die identifisering van noodsituasies in hulle omgewings. Verder is diakonieë herinner aan die opdrag aan die Deputate en is hulle genooi om waar nodig om hulp aan te klop.

1.2.3 Die skriba is aangewys om enige nuuswaardige sake aan die Radio, TV en Kerklike Nuusblaaie deur te gee.

1.2.4 Die riglyne vir aansoeke soos saamgestel deur die vorige Deputate, is weer gebruik en dit is aan alle diakonieë deurgegee.

1.3 *Aansoeke om hulpverlening*

Verskillende aansoeke is deurlopend ontvang en waar dit binne die Deputate se mandaat geval en aan alle vereistes voldoen het, is die nodige hulp soos beskikbaar verleen. Die Deputate het hulle in elke geval na die beste van hulle vermoë van die meriete van elke saak vergewis.

1.3.1 Die GK Duineveld

1.3.2 Die GK Vanderbijlpark-Suid

1.3.3 Predikante en lidmate in Die Republiek van Kongo

In die verlede is hulp direk aan die mense aldaar gelewer. Die Deputate het egter 'n gesprek met prof. J.H. van Wyk (wat daar 'n besoek afgelê het) en ds. J.L. du Plooy van Potchefstroom-Noord gehad rakende die situasie aldaar. Genoemde gemeente het 'n werkgroep wat hulle toespits op hulp in die Kongo. Daar is gevolglik besluit om in die toekoms in noue samewerking met die gemeente hulp aldaar te verleen aangesien hulle goeie kontak het deur ds. Kayayan.

1.3.4 Good News Community Church

1.3.5 Hulp aan vlugtelinge in die NAVO/Kosovo stryd

Navrae oor hulp in die verband is ontvang. Kontak oor die saak is gemaak met die Rooikruis en advies is ingewin van die kantoor van die Kommissaris van vlugtelinge asook 'n kundige persoon in Internasionale Politiek. 'n Skrywe is daarna aan alle Kerke gestuur en terugvoer oor die aangeleentheid word nog ingewag. Oor die saak sal met die Aanvullende Rapport verslag gelewer word.

1.3.6 Versoek van GK Sasolburg insake die nood van 'n spesifieke broeder

Ook hierdie saak is nog nie afgehandel nie omdat nog op finale terugvoer van die gemeente gewag word. Daaroor sal ook in die Aanvullende Rapport gerapporteer word.

1.3.7 Aansoek van hulp van GK Potchefstroom-Noord insake hulp aan proponente

Hierdie skrywe is baie laat ontvang. In so mate dat al die betrokke broeders reeds beroepe ontvang het toe die skrywe uiteindelik by ons aangekom het. Die gemeente is skriftelik so in kennis gestel.

1.3.8 Ander aansoeke

Aansoeke wat ontvang is en na die oordeel van die Deputate nie binne ons mandaat geval het of meriete gehad het nie, is as sodanig gehanteer en aansoekers is so in kennis gestel.

Besluit: Kennis geneem.

2. Finansies

Vir die finansiële verslag word u verwys na die Rapport van die Administratiewe Buro. As Deputate wens ons graag ons dank te betuig teenoor die personeel van die Buro (in besonder br. Vorster) vir hulle ondersteuning en goeie samewerking.

Besluit:

1. Kennis geneem.
2. Kerkrade word aangemoedig om deur die Deputate vir Diakonale Sake so vinnig moontlik hulp te verleen waar noodtoestande ontstaan.
3. In gevalle waar die nood plaaslik van aard is kan diakonieë ook 'n bydrae lewer deur die opbou van 'n fonds en onderlinge skakeling.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Keur die optrede van die Deputate goed.

3.2 Wys weer Deputate aan wat diakens uit twee kerke insluit.

3.3 Herformuleer die nuwe Deputate se opdragte as volg:

3.3.1 Die primêre opdrag is om in samewerking met plaaslike diakonieë, ook in ander Nasionale Sinodes, daadwerklike en deurlopende hulp te verleen aan alle mense wat geen kos, klere en onderdak het nie. In die hulpverlening moet voorkeur gegee word aan aansoeke waar noodlydendes in staat gestel word om in groter mate selfversorgend te word.

3.3.2 Stel ondersoek in na noodsituasies en –toestande binne en buite die Republiek van Suid-Afrika. Bekom gegewens oor die nood van geloofsgenote binne en buite die GKSA en ook van ander (Gal 6:10).

3.3.3 Maak en behou kontak met ander kerklike instansies, liggame en instellings wat gemoeid is met soortgelyke hulpverlening.
3.3.4 Gee aan die Kerke inligting en advies oor ter saaklike hulpverlening.
3.3.5 Kry opdrag om alle behoeftes onder die aandag van kerke en diakonieë te bring en bydraes tot die Fonds vir Noodtoestande te vra.
3.3.6 Dra daartoe by, sover moontlik, dat die uitdeling van hulp volgens die eise van die amp van die diaken sal geskied.
3.3.7 Vind weë en middele om hulle werk aan die kerke in die ressort van die Algemene Sinode bekend te stel.
3.3.8 Wys by konstituering iemand uit eie geledere aan om in samewerking en in oorleg met Deputate vir Radio en TV sake na Radio, TV en kerklike nuusblaaie deur te stuur.
3.3.9 Lig kerke in oor hulle opdrag en voorsien diakonieë van die toepaslike aansoekvorms.
3.3.10 Die Deputate moet in hulle Rapport aan die Sinode besonderhede van die hulpverlening aan kerke en instansies verskaf.
3.3.11 Uitbou van die fonds: 'n Dringende beroep word op die kerke gedoen om ruim tot die Fonds by te dra sodat die GKSA nog effektiewer aan mense in nood 'n handreiking kan gee.
3.3.12 Ondersteuning van Deputate: Kerke word opgeroep om projekte vir samewerking en die bekamping van armoede aan die Deputate voor te lê om in plaaslike verband hulle roeping tot hulpverlening uit te voer.
3.3.13 Skakeling met Sinodale Deputate Diakonale Sake (SDDS): Die Deputate Noodtoestande moet gereeld met die SDDS skakel.
3.3.14 Naamsverandering: Die Deputate verander na Deputate vir Noodlydendes en Noodtoestande.
Besluit: Goedgekeur.

E. AANVULLENDE RAPPORT

1. Opdrag

Vergelyk Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake vir kennisname deur die Sinode

2.1 Die Deputate Noodtoestande het een keer na Junie 1999 vergader.
2.2 Aansoeke ontvang en gehanteer:
2.2.1 <u>Kongo Hulpfonds</u>
Hierdie saak het oorgestaan van ons vorige vergadering nadat versoeke tot hulp van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord ontvang is vir die versorging van die predikante in die Republiek van die Kongo. Daar is besluit om R12 000 vir hulp tot aan die einde van Januarie 2000 te verleen. Dit hoofsaaklik omdat hierdie huidige Deputate se termyn met die Sinode 2000 ten einde loop. Die volgende Deputate sou na ons mening die saak weer verder kon opneem (vgl. 2.3.3 van die Rapport).
2.2.2 <u>Geref. Kerk Vanderbijlpark-Suid</u>
'n Tornado het die gebied vroeg in Oktober 1999 getref en vier gesinne het al hulle besittings verloor. Dit is vier gesinne wat deur die gemeente ondersteun word. Daar is besluit om 'n bedrag van R8 000 vir hulp aan die gesinne te bewillig.
2.2.3 <u>Geref. Kerk Aranos</u>
Die droogte wat reeds vier jaar in die gebied heers, het veroorsaak dat 'n aantal gesinne in groot nood gedompel is. Bankrotskap staar van die gesinne in die gesig. Die Diakonie van die gemeente het eenvoudig nie meer fondse om die mense te ondersteun nie en die gemeente se getalle het daarmee saam ook nog afgeneem. Daar word besluit om 'n bedrag van R20 000 aan die Diakonie te stuur ter ondersteuning van mense in nood en 'n brief sal daarmee saam aan hulle gestuur word.
2.2.4 <u>Diakonie, Geref. Kerk Lindley</u>
'n Versoek om hulp is van die Diakonie van Geref. Kerk Lindley ontvang en gehanteer. 'n Bedrag van R19 700 is toegestaan.
Besluit: Kennis geneem.

3. Finansies

Kyk by die Rapport van die Administratiewe Buro. Dit dien vermeld te word dat die Deputate Noodtoestande se fondse drasties afgeneem het en min fondse bekom is vanuit die kerkverband. Die Deputate is bewus daarvan dat vele Diakonieë met groeiende nood in verskeie gemeentes dit al moeiliker vind om wyer hulp te verleen. Daarom is daar nogeens 'n skrywe aan die kerkverband gerig om die situasie onder almal se aandag te bring en om Kerke aan te moedig om die Deputate Noodtoestande se fondse aan te vul.

Besluit: Kennis geneem.

24.3 RAPPORT DEPUTATE VIR KORRESPONDENSIE MET ANDER NASIONALE SINODES (Artt.76, 138, 175)

A. Dr. D.G. Breed stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Samelewing 1
C. Die Sinode gaan in camera vir die behandeling van die Rapporte i.v.m. ander Nasionale Sinodes.
D. Dr. H.G. Stoker stel die Kommissierapport.
E. Ds. G.N.V. Botha stel die Rapport van die Kommissie van Pre-advies insake gesprek met Sinodes Soutpansberg en Middellande.

F. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 1997:870-871, 810, 936.

1.1 Om (met in agneming van die vorige gesprekke) met die ander Sinodes gesprek te voer oor 'n wyse waarop kerke mekaar binne taal- en kultuurverband, asook buite taal- en kultuurverband in kerkregering kan bystaan.
1.2 Om gronde vir die probleme, wat ander Sinodes met die besluite van die GKSA en met sekere Kerkorde-artikels het, verder te weeg en die volgende Sinode GKSA gemotiveer en gespesifiseer oor die moontlike handhawing, skrapping en/of wysiging van sodanige besluite en of artikels te adviseer.
1.3 Om in hierdie proses noue skakeling met die Deputate vir die herindeling van die Partikuliere Sinodes te hou.
1.4 Om jaarliks inligting oor die vordering aan die Deputate vir Korrespondensie van die onderskeie Partikuliere Sinodes deur te gee.
1.5 Om aangaande die vraag van Sinode Soutpansberg in verband met "geographical arrangements as stated in our Church Order" so spoedig moontlik op die skrywe van Sinode Soutpansberg te antwoord in ooreenstemming met die besluite wat op hierdie Sinode geneem is.
1.6 Om aangaande die regsinnigheid van die Sionsliedere "met die ander kerke in gesprek te tree en eventueel saam te werk aan die regsinnigheidstoets daarvan en aan Sinode 2000 daaroor te rapporteer".
1.7 Om aandag te gee aan Sinode Middellande se versoek dat "solank as die huidige samestelling van meerdere vergaderings geld, Sinode Middellande 16 predikante en 16 ouderlinge sal afvaardig om gesamentlik met die Sinode Potchefstroom tydens hulle sitting alle sake rakende opleiding te behandel en af te handel."

Besluit:

1. Kennis geneem.
2. Die volgende Kommissie word aangewys om Deputate met 'n geskrewe mandaat aan te beveel met gesprek met Sinodes Soutpansberg en Middellande: Drr. W.C. Opperman (s), H.G. Stoker, ds. G.N.V. Botha, proff. J.M. Vorster, A. le R. du Plooy.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 *Algemeen*

Die Deputate het 'n hele aantal kere met Deputate van Sinode Soutpansberg en Sinode Middellande vergader. Aangesien al die vergaderings in Pretoria gehou is, is die koste vir die vergaderings (reis- en daggeld van al drie Deputate) deur GKSA (Potchefstroom) gedra. Al die vergaderings is op inisiatief van die Deputate van GKSA (Potchefstroom) gehou. Die korrespondensie met ander Sinodes is baie bemoeilik deurdat die ander Deputate soms op baie kort kennisgewing laat weet het dat hulle nie die vergadering kan bywoon nie (Soutpansberg) of baie laat vir vergaderings opgedaag het (Middellande). Naas vergaderings wat met die Deputate van die ander Sinodes gehou is, is korrespondensie ook op die volgende wyses gedoen:

- Die Sinode van Soutpansberg 1998 is deur prof. Dries du Plooy bygewoon en die besluit van Sinode GKSA (Potchefstroom) 1997 aangaande die wyse waarop kerke mekaar in kerkregering kan bystaan, is deur hom aan die Sinode voorgehou.
- Die besluit van Sinode GKSA (Potchefstroom) 1997 is in Engels vertaal en aan die Deputate van die ander Sinodes voorsien.

2.2 *Gesprek oor 'n wyse waarop kerke mekaar in kerkregering bevredigend kan bystaan*

In die gesprekke oor 'n wyse waarop kerke mekaar binne en buite taal- en kultuurverband in kerkregering bevredigend kan bystaan, kon die Deputate tot op die datum waarop Rapporte vir die Sinode 2000 ingehandig moes word nie volledig ooreenstemming met die Deputate van die ander twee Sinodes bereik nie. Ooreenstemming bestaan steeds dat kerke mekaar in die kerkregering in gebiedsklassisse, streeksinodes en in 'n "algemene sinode" moet bystaan. Oor die wyse waarop taal- en kultuurverwante sake in belang van die kerke gehanteer moet word, kon geen ooreenstemming bereik word nie. Die Deputate het besluit om, nadat die Sinoderapport ingehandig moes word, tot en met Sinode 2000 voort te gaan om met die Deputate van die ander twee Sinodes gesprek te voer. Die Deputate het beplan om in hierdie tyd die klem in die samesprekings te laat val op die aspekte waarin daar reeds tussen die Deputate ooreeenstemming bestaan. Die feit dat die onderskeie Deputate ooreenstem oor die noodsaak van gebiedsklassisse, bied die moontlikheid dat daar reeds in die jaar 2000 oorgegaan kan word tot die oproep van sulke gebiedsklassisse. Daar sal D.V. in die Aanvullende Rapport daaroor gerapporteer word.

2.3 *Gesprek oor probleme van ander Sinodes met Sinodebesluite van die GKSA en met sekere Kerkorde-artikels*

Dit het uit samesprekings met die Deputate van die ander Sinodes duidelik geword dat probleme wat die ander Sinodes met besluite van Sinode GKSA (Potchefstroom) en met sekere Kerkorde-artikels het, opgelos sou word indien die Sinodes 'n bevredigende weg kon vind waarop kerke mekaar oor taal- en kultuurgrense heen kan bystaan. In die korrespondensie met ander Sinodes is daar gevolglik gekonsentreer op 'n wyse waarop kerke mekaar kan bystaan en spesifieke sake oor die Kerkorde en Sinodebesluite is nie aan die orde gestel nie.

2.4 *Skakeling met die Deputate vir die herindeling van die onderskeie Partikuliere Sinodes en die Deputate vir Korrespondensie van die onderskeie Partikuliere Sinodes*

Hoewel skakeling met bogenoemde Deputate plaasgevind het, het die samesprekings tussen Deputate van die onderskeie Sinodes nie sodanig gevorder nie dat dit gelei het tot konkrete implikasies vir die herindeling van die Partikuliere Sinodes.

2.5 *Antwoord aan Sinode Soutpansberg aangaande die vraag oor "geographical arrangements as stated in our Church Order"*

In samesprekings met die Deputate van Sinode Soutpansberg is volledig aandag gegee aan die vraag van Sinode Soutpansberg aangaande die geografiese meerdere vergaderings. Die Deputate het ook 'n skrywe in hierdie verband aan die Sinode Soutpansberg (1998) gerig (Bylae 1). Tydens die Sinode van Soutpansberg 1998 is die besluit van Sinode GKSA (Potchefstroom) oor geografiese meerdere vergaderings ook in opdrag van die Deputate volledig deur prof. Du Plooy aan die Sinode verduidelik.

2.6 *Gesprek aangaande die Sionsliedere*

Die vraag oor die regsinnigheid van die Sionsliedere is met die Deputate van die ander Sinodes bespreek. Die ander Deputate het aangedui dat hulle nie tans gereed is om die saak in diepte te bespreek nie. Die Deputate van GKSA (Potchefstroom) het in die lig daarvan besluit dat die ander Sinodes self verder oor die saak moet oordeel.

2.7 *Gesprek met Sinode Middellande aangaande 'n afvaardiging van Middellande na Sinode Potchefstroom om te handel oor alle sake rakende die opleiding van predikante*

In die gesprek met Sinode Middellande oor bogenoemde saak is gestel dat daar altyd geleentheid is dat 'n afvaardiging van Sinode Middellande die Sinode GKSA (Potchefstroom) kan bywoon. Daar is besluit dat die Deputate van GKSA (Potchefstroom) 'n versoek tot die Sinode sal rig dat die afvaardiging van Middellande oor die tersaaklike aangeleenthede 'n spreekstem sal ontvang. Dit is aan die Deputate van Middellande gestel dat die verandering van die samestelling van 'n meerdere vergadering vir een saak allerlei kerkregtelike implikasies het.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet oordeel

3.1 Keur die optrede van die Deputate goed.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Sinode Middellande en Sinode Soutpansberg word uitgenooi na die Nasionale Sinodes met 'n spreekstem oor alle sake rakende die opleiding van predikante wat op die Agenda is.

Besluit: Goedgekeur.

4. Aanbevelings

4.1 Die Sinode benoem weer Deputate.

Besluit: Goedgekeur.

4.2 Die opdrag aan die Deputate is:

Voer (met inagneming van die vorige gesprekke met ander Sinodes en besluite van die Sinode GKSA [Potchefstroom]) gesprek oor 'n wyse waarop kerke mekaar binne taal- en kultuurverband, asook buite taal- en kultuurverband bevredigend kan bystaan.

Besluit: Kennis geneem (kyk besluit onder punt 3 by Aanvullende Rapport).

G. AANVULLENDE RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

1.1 *Standpunte van ander Nasionale Sinodes aangaande GKSA, Potchefstroom se voorgestelde wyse van kerkregering (Acta 1997:864-870)*

Dit het uit samesprekings met die Deputate van ander Sinodes weereens geblyk dat die ander Nasionale Sinodes probleme het met die voorstel van Sinode GKSA 1997 (Acta 1997:864-870) aangaande die wyse van kerkregering. Die Deputate is egter dankbaar om te kan rapporteer dat die Deputate van al drie Sinodes steeds bereid was om verder oor die aangeleentheid gesprek te voer.

1.2 *Punte van ooreenkoms tussen die Sinodes*

Hoewel die Deputate van die ander Sinodes laat blyk het dat hulle nie met die voorstel van GKSA in geheel saamstem nie, was dit duidelik dat hulle tog wel met sekere belangrike aspekte van die voorstel saamstem. Eerstens is die Deputate van al drie Sinodes eenstemming dat kerke van die drie Sinodes in gebiedsklassisse, streeksinodes en 'n Sinode byeen moet kom. Tweedens is daar eenstemmigheid dat taal- en kultuurfaktore in kerklike vergaderings verreken moet word. Die Deputate het egter verskil oor die wyse waarop hierdie taal- en kultuurfaktore in die meerdere vergaderings verreken moet word.

1.3 *Implementering van 'n wyse van kerkregering ten op sigte van aspekte waarin daar konsensus is*

Die Deputate van GKSA was van oordeel dat ernstig oorweging gegee moet aan die implementering van sake waaroor daar konsensus tussen die Nasionale Sinodes is. Dit hou in dat die drie Nasionale Sinodes gesamentlik sal begin werk aan 'n indeling van gebieds-meerderevergaderings sodat dit so spoedig moontlik kan begin funksioneer.

1.4 *Die implementering van gebieds-meerderevergaderings naas bestaande meerdere vergaderings*

Dit is vir die Deputate duidelik dat, ongeag die wyse waarop meerdere vergaderings in die toekoms sal funksioneer, daar nie meteens van een praktyk van kerkregering na 'n ander oorgegaan sal kan word nie. Die implementering van gebieds-meerderevergaderings naas bestaande meerdere vergaderings bied aan kerke geleentheid om later met groter insig besluite te kan neem oor die beste wyse waarop kerke mekaar in kerkregering kan bystaan.

1.5 *Agendas van gebieds-meerdere vergaderings*

Wanneer sulke gebieds-meerderevergaderings gehou word, bepaal die vergaderings hulle eie agendas met inagneming van relevante kerkregtelike en kerkordelike beginsels en met inagneming van die feit dat daar tans ook ander meerderevergaderings is wat aan bepaalde sake aandag gee.

1.6 *Agendas van bestaande meerdere vergaderings in die GKSA*

Bestaande meerdere vergaderings bepaal hulle agendas met inagneming van relevante kerkregtelike en kerkordelike beginsels en met inagneming van die feit dat daar tans ook ander meerdere vergaderings is wat in die GKSA funksioneer.

1.7 *Versoek aan ander Sinodes aangaande die indeling en oproep van streeksmeerdere vergaderings*

Om ordelik die nuwe streeks-meerderevergaderings byeen te kan roep, sou dit nodig wees dat al drie Nasionale Sinodes in die indeling en oproep van hierdie vergaderings meewerk. Die Sinode GKSA behoort daarom ‘n versoek tot die ander twee Sinodes te rig om Deputate aan te wys om saam met die Deputate van GKSA te werk in die indeling en saamroep van gebieds-meerderevergaderings.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode moet oordeel

2.1 *Versoeke tot die ander Sinodes*

2.1.1 Die Sinode versoek die ander twee Nasionale Sinodes om saam met die GKSA (Potchefstroom) te werk aan ‘n indeling van gebieds-meerdere-vergaderings sodat dit so spoedig moontlik sal begin funksioneer.

2.1.2 Die Sinode stel aan die ander twee Sinodes voor dat elke Sinode ses Deputate aanwys met die volgende opdragte:

2.1.2.1 Om met die ander twee Sinodes se Deputate saam te werk in die indeling en saamroep van gebieds-meerdere-vergaderings, te wete streeksklassisse, streeksinodes en ‘n Algemene Sinode.

2.1.2.2 Ná oorleg met alle plaaslike kerke die indelings te finaliseer.

2.1.2.3 Roepende kerkrade vir die onderskeie gebieds-meerdere-vergaderings aan te wys.

2.1.2.4 Aandag te gee aan die afvaardiging na hierdie meerderevergaderings.

2.1.2.5 Die nodige maatreëls te tref sodat ‘n Sinode, waarheen alle streeksinodes afvaardig, opgeroep kan word.

Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.1.2.5 word soos volg gewysig en goedgekeur:

1. Ter wille van die implementering van gebieds-meerdere-vergaderings versoek die Sinode die ander twee Nasionale Sinodes om saam te werk aan ‘n indeling van gebieds-meerdere-vergaderings, sodat dit so spoedig moontlik sal begin funksioneer. Die Sinode stel aan die ander twee Sinodes voor dat elke Sinode ses Deputate aanwys met die volgende opdragte:

1.1 Werk saam met die ander twee Sinodes se Deputate in die indeling en saamroep van gebieds-meerdere-vergaderings soos Streekklassisse, Streeksinodes en ‘n landwye Sinode in ooreenstemming met 1.5 en 1.6 hierbo (vgl. Acta 1997:865-868, 2.1.3.1-2.1.3.3).

1.2 Finaliseer die indelings na oorleg met alle plaaslike kerke.

1.3 Wys roepende kerkrade aan vir die onderskeie gebieds-meerdere-vergaderings.

1.4 Gee aandag aan die afvaardiging na hierdie meerdere vergaderings.

1.5 Tref die nodige maatreëls sodat ‘n landwye Sinode, waarheen alle Streeksinodes afvaardig, opgeroep kan word.

1.6 Kom met gesamentlike voorstelle na die onderskeie Sinodes oor hoe die Kerkorde gewysig moet word om aan die nuwe reëling reg te laat geskied.

3. Aanbevelings

3.1 Die Sinode benoem weer Deputate.

3.2 Die Deputate ontvang die volgende opdragte:

3.2.1 Gee, indien die ander Sinodes daartoe instem, uitvoering aan die opdragte in 2.1.2.

3.2.2 Voer gesprek indien dit verder nodig is – met inagneming van die vorige gesprekke met ander Sinodes en besluite van die Sinode GKSA (Potchefstroom) gesprek te voer oor ‘n wyse

waarop kerke mekaar binne taal- en kultuurverband, asook buite taal- en kultuurverband, bevredigend kan bystaan.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.2.2. Die volgende word goedgekeur:

1. Die nuwe Deputate kry opdrag om, wat in die besluit by 2.1.1 tot 2.1.2.5 gestel is, met die ander Sinodes en/of hulle afgevaardigdes op te neem en, om met inagneming van die vorige gesprekke en ooreenkomste met die ander Sinodes en hulle afgevaardigdes, asook met inagneming van die relevante besluite van die GKSA (Sinode Potchefstroom), sover moontlik daaraan uitvoering te gee.
2. Kerkrade en Klassisse van die GKSA (Sinode Potchefstroom) word aangemoedig om (waar dit relevant is) moeite te doen om met kerke van die ander Sinodes op ‘n gereelde basis te skakel.

H. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE VAN PRE-ADVIES INSAKE GESPREK MET SINODES SOUTPANSBERG EN MIDDELLANDE

1. Opdrag

Adviseer die Sinode oor die wyse waarop die besluit oor Rapport: Deputate vir Korrespondensie met ander Nasionale Sinodes, aan die Nasionale Sinodes Middellande en Soutpansberg gekommunikeer moet word.

Besluit: Kennis geneem.

2. Beredenering

2.1 Dit is belangrik dat die opregte gesindheid waarin Sinode GKSA (Potchefstroom) hierdie saak hanteer, aan die ander Sinodes oorgedra word.

2.2 Daar is ‘n diepgevoelde behoefte om die Sinodes Soutpansberg en Middellande persoonlik te verseker van die opregte begeerte van die kerke in Sinode GKSA (Potchefstroom) om die hegte eenheidsbande met die kerke in die ander Sinodes te bevorder en dit ook in die kerkregering konkrete gestalte te laat kry in ooreenstemming met die kerkregtelike beginsels waaroor die Deputate van die drie Sinodes saamgestem het (vgl. Acta 1997:864, 2.1.2.3 en 865:2.1.2.4).

2.3 Sinode GKSA 1997 het reeds geoordeel dat die huidige wyse waarop kerke mekaar in kerkregering bystaan, “nie die beste wyse is nie” (Acta 1997:865, 2.1.3). Die samewerking van al drie huidige Nasionale Sinodes is nou nodig by die regstelling van die leemtes van die verlede. Gesamentlik kan die kerke dan meewerk aan die daarstel van die beste wyse waarop kerke mekaar volgens Gereformeerde kerkregtelike beginsels kan bystaan.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbevelings

3.1 Die Sinode vereenselwig hom met die beredenering van die Kommissie in 2.1 – 2.3 hierbo.

3.2 Die Sinode gee aan afgevaardigdes opdrag om:

3.2.1 So gou moontlik die besluite van die Sinode insake bogenoemde Rapport: Deputate vir Korrespondensie met ander Nasionale Sinodes te vertaal en persoonlik aan die relevante Deputate van Sinodes Soutpansberg en Middellande oor te dra en met hulle te bespreek

3.2.2 Die vertaalde besluite betyds skriftelik aan die Sinodes Soutpansberg en Middellande oor te dra, en dit ook persoonlik by die eerskomende Sinodes van die kerke in Soutpansberg en Middellande met hulle te bespreek.

3.3 Die Sinode vaardig die volgende broeders hiervoor af: Prof. A. le R. du Plooy (s), ds. S.D. Snyman, dr. J.L. Ras, ds. P.J. van der Walt, prof. J.J. Janse van Rensburg met prof. J.A. van Rooy as adviseur.

Besluit: Goedgekeur.

24.4 RAPPORT DEPUTATE VIR BEWARING EN VERMEERDERING VAN DIE KERK (Artt.88, 242)

A. Dr. W.C. Vergeer stel die Rapport.
B. Dr. Vergeer bring die werk van wyle ds. Jan Louis du Plooy in herinnering wat in hierdie Rapport vervat is en wat pas na die afhandeling van die Rapport in 'n motorongeluk oorlede is.
C. Prof. Hentie Boshoff van die PU vir CHO word versoek om die Sinode toe te spreek en 'n toekoms-scenario vir kerklike bediening voor te hou.
D. Dr. C.J. Smit bedank prof. Boshoff namens die Sinode.
E. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Samelewing 2.
F. Ds. G.J. van Wyk stel die Kommissierapport.

G. RAPPORT

(Die Deputate wil graag vooraf hulde bring aan ds. Jan Louis du Plooy wat deel was van hierdie Deputate en wat in die week voor sy afsterwe nog baie hard gewerk het aan die finalisering van hierdie Rapport. Ons is dankbaar teenoor die Here wat aan hierdie dienaar van Hom sulke mooi gawes gegee het; hy het dit tot op die laaste gebruik om sy Naam groot te maak en bouwerk aan sy kerk op aarde te doen.)

1. Opdrag
Acta 1997:378, 881-882.

Opdrag 1: Om 'n inligtingstuk op te stel waarin die hoofsaak van hierdie Rapport op bevatlike wyse saamgevat word, en dit aan kerkrade beskikbaar te stel vir gebruik o.a. tydens huisbesoek. Die Deputate moet spesifiek daaraan aandag gee dat die inligtingstuk só opgestel word dat die erns van die dalende tendens blyk en kerkrade dus self ook weë sal soek om hierdie probleme in eie midde aan te pak.
Opdrag 2: Om in die genoemde skrywe aan kerkrade melding te maak van die studieopdragte aan die Deputate deur die Sinode en die kerke uit te nooi om knelpunte en moontlike oplossings onder die aandag van die Deputate te bring.
Opdrag 3: Om op grond van diepgaande studie die volgende Nasionale Sinode te adviseer oor strategieë om praktiese uitvoering te gee aan die bevindings oor die taak van die kerke in verband met die tendens van dalende lidmatetal (vgl. al die punte onder pt. 3 van die [1997] Rapport).
Opdrag 4: Kerke gee met erns aandag aan knelpunte en hindernisse waar nuwe bekeerlinge as gevolg van hulle sendingwerk by hulle opgeneem moet word, bv. besondere bedieningsbehoeftes as gevolg van afstand, taal, kultuur, ens.
Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem
Algemeen
U Deputate het deur die loop van 1998 ds. M.E. Schalekamp as sekundus opgeroep in die plek van ds. A. Myburg wat weens naderende emeritaat om losmaking van die Deputate se werksaamhede gevra het.
Besluit: Kennis geneem.
Opdrag 1
1. 'n Inligtingstuk (Bylae 1) waarin die hoofsaak van die 1997-Rapport op 'n bevatlike wyse saamgevat is, is aan alle kerkrade gestuur om tydens kerkraadsvergaderings en met huisbesoeke te behandel.

Besluit: Met dank kennis geneem.
Opdrag 2
1. Saam met bogenoemde inligtingstuk is ook elke kerkraad se persoonlike lidmatestatistiek vir agt jaar (1990-1997) (Bylae 2) en 'n uitnodigingsvraelys (Bylae 3) versend. Die belang van die saak

is by wyse van 'n artikel in *Die Kerkblad* (26 Maart 1997) onderstreep. Waar kerke nie gereageer het nie, is telefonies opvolgwerk gedoen.

2. Die inligtingstuk is ook by wyse van 'n skrywe (Bylae 4) onder die aandag van die onderskeie Klassisse gebring met die versoek om met die rondvraag (KO, art. 41) daaraan aandag te gee.

Besluit: Met dank kennis geneem.

3. Die volgende reaksie is op die vraelys ontvang:

3.1 Uit die 300 kerke het 67 kerkrade en een lidmaat op die vraelys gereageer (Bylae 5).

Besluit: Kennis geneem. Die Sinode betreur dit dat slegs 67 kerkrade op die Deputate se vraelys gereageer het en versoek alle kerkrade om voortaan op oproepe van Deputate te reageer.

3.2 Die reaksie van kerkrade op die uitnodigingsvrae word soos volg opgesom:

3.2.1 *Watter knelpunte strem groei?*
Ekonomiese omstandighede (28), veroudering (12), geen evangelisasie (18), onbetrokkenheid (11), ampte funksioneer nie (10), gemeentegrense (6), geslotenheid van Gereformeerdes as groep (5), verspreidwonendes (5), geen toerusting (4), geen jeugsorg (4), politieke omstandighede (3)

3.2.2 *Watter oplossings dra by tot groei?*
Pastorale versorging van lidmate (20), evangelisering (19), betrokkenheid/meelewing (11), prediking (9), attestasie (8), opleiding/toerusting (9), liturgiese vernuwing (5), kleingroepe (5), betrek nuwe intrekkers (5), huwelike (5)

3.2.3 *Watter geleenthede kan beter benut word om die dalende tendens aan te spreek?*
Evangelisasie (33), prediking (13), kategese en jeugbediening (12), pastorale versorging van lidmate (10), betrokkenheid (7), kerklike tug (5), kleingroepe (4), toerusting (4), diakenamp (4)

3.2.4 *Wat kan gedoen word met die prediking?*
Prediking as Skrifprediking (15), verstaanbaarheid (13), aktualiteit (10), preekbesprekings (10), spreek geloofslewe van die lidmate aan (8), rus toe (4), reekspreke (4), deeglike voorbereiding (3)

3.2.5 *Wat kan gedoen word oor meelewing?*
Groepsbenadering (33), toerusting van gemeente ten opsigte van die gemeenskap van die heiliges (16), ampswerk (9), eredienste (6), sosiale geleenthede (4)

3.2.6 *Wat kan gedoen word om lidmate in dienswerk te betrek?*
Diensgroepe (18), opleiding/toerusting (18), skep geleenthede vir betrokkenheid (6), ontdek lidmate se gawes (6), betrek lidmate by kommissies (4)

3.2.7 *Wat kan gedoen word insake jeugbediening?*
Byeenkomste (21), katkisasie (11), betrek by dienswerk (10), ouerbetrokkenheid (9), spreek aan in prediking (7), huiskategese (6), gee aandag met huisbesoek (7), toerusting/kampe (4), handleidings (3)

3.2.8 *Wat kan gedoen word om geestelike groei te stimuleer?*
Bybelstudiegroepe (18), pastorale versorging (17), toerusting (12), gebed (4), kerklike tug (3)

3.2.9 *Wat kan gedoen word om doelgerig te evangeliseer?*
Toerusting (29), dinamiese evangelisasiekommissie (5), lektuur (3)

3.2.10 *Ander strategieë om dalende tendens te stuit?*
Spreek verkeerde kerkbegrip aan (14), gebed (6), opleiding van predikante (5), stimuleer meelewing (5), groter gesinne (5), noukeurige attestering (3), toerusting (4), beveg wêreldgelykvormigheid (3)

Besluit: Met dank kennis geneem.

3.3 Uit die 30 Klassisse is reaksie van 4 ontvang (Bylae 6). Van hierdie 4 het 3 die skrywe na kerkrade verwys vir afhandeling, terwyl een Klassis u Deputate in kennis gestel het dat hulle bloot van die skrywe kennis geneem het.

Besluit: Kennis geneem.

Opdrag 3

1. Algemene vertrekpunte

1.1 U Deputate oordeel dat die regte motief vir die kerke se kommer oor die dalende lidmatetal vooraf duidelik gestel moet word. Besorgdheid oor dalende lidmaatgetalle moet nie gemotiveer

word deur finansiële tekorte in kerke of by die pensioenfonds, of deur onbenutte kerkgeboue nie. Die belangrikste Bybelse motief is: die kerke se getroue roepingsvervulling volgens die Bybel.

1.2 U Deputate oordeel ook dat strategieë vir die praktyk (vgl. *2. Opdrag*) 'n deeglike prinsipiële begronding moet hê en moet voortvloei uit 'n Bybelse kerkbegrip. Die kerke kan nie met menslike planne en resepte reg-georganiseer of -geadministreer word nie. U Deputate neem ook kennis van die verskil in gemeentesamestellings en bedieningsomstandighede. Daarom gaan hierdie Rapport eerder die weg op om Bybelse perspektiewe oor die kerk te ontgin.

1.3 Die volledige ontwikkeling en die praktiese implementering van strategieë moet na die oordeel van u Deputate, volgens die kerkregtelike beginsel van die selfstandigheid van die plaaslike kerkraad, juis in die plaaslike kerke uitgewerk word.

Besluit: Kennis geneem.

2. Prinsipiële studie

2.1 Historiese aanloop

2.1.1 Stemme uit die verlede

'n Verskeidenheid artikels waarin sake wat die bewaring en vermeerdering van die Gereformeerde Kerke raak, verskyn sedert 1911 op 'n deurlopende basis uit die pen van Gereformeerdes (Du Toit, 1977:99; Coetzee, 1959:277-290; De Klerk, 1959 & 1964; Schulze, 1980; Coetzee, 1980:104-113; Kruger, 1980:10-16; Van der Walt, 1983:20-28; Van Rooy, 1984:1-2; Combrink, 1987; Van der Walt, 1999a:14-17; Van der Walt, 1999b:14-19). In hierdie boeke en artikels word kommer uitgespreek oor sake soos die verval van die ampte, predikantskerke, geestelike hoogmoed, vervlakking, onmondigheid en armoede, die gebrek aan offervaardigheid, swak evangelisasie- en sendingywer, doodsheid, uitblussing van die Heilige Gees en swak kennis van die Skrif. Pleidooie word gelewer vir reformasie, herlewing, kerkvernuwing, aktivering van die onderskeie ampte en die ware liefdesgemeenskap van die gelowiges.

2.1.2 Sinodale kennisname

2.1.2.1 By die Sinode van 1994 dien 'n Beskrywingspunt van Part. Sinode Wes-Transvaal *oor die dalende tendens in die getalle van lidmate in die GKSA*. Tydens dieselfde geleentheid dien ook 'n soortgelyke Beskrywingspunt van Part. Sinode Noord-Transvaal. Die Sinode besluit om uitvoering aan hierdie Beskrywingspunte te gee en gee aan Deputate opdrag om *met inagneming van wat tans op teologiese en kerklike terrein hieroor gedoen en gepubliseer word, 'n grondige en omvattende studie te maak van die huidige tendens van lidmategetalle in GKSA wat besig is om te daal; die moontlike oorsake daarvan en hoe die situasie op 'n Skrifgetroue wyse aangespreek kan word* (Acta 1994:619).

2.1.2.2 Die aangewese Deputate rapporteer aan die Sinode 1997 met statistieke wat bevestig dat daar inderdaad 'n kommerwekkende dalende tendens in die kerke is. Die gebrek aan getroue roepingsvervulling is aangetoon uit 'n verskeidenheid van sake (Acta 1997:871-882). Die Deputate rapporteer ook oor die taak van die kerke in hierdie verband.

2.1.2.3 Op grond van hierdie Rapport besluit die Sinode om weer Deputate te benoem met die opdragte soos hierbo aangedui (vgl. Punt 1).

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Ekumeniese tendense*

2.2.1 Die NG-Kerk in Suid-Afrika (NGK)

Uit die NGK se sinodaal-saamgestelde publikasie *Kerkspieël* (1981, 1985, 1989, 1993, 1997) blyk groeiende kommer oor dalende lidmatetal. Volgens die 1998 Jaarboek het die NGK in 1997 ongeveer 21 000 lidmate verloor. As redes word die dalende geboortesyfer, emigrasie, apartheid, teologiese verskille, 'n gebrek aan kerklike lojaliteit en kerklosheid aangevoer. 30 000 NGK-lidmate het na raming by die Afrikaanse Protestantse kerk sedert sy stigting aangesluit.

2.2.2 Die Nederlandse Hervormde Kerk (NHK) en die Gereformeerde Kerken (Synodaal)

Beide hierdie kerkverbande neem sedert 1969 kennis van die afname in die aantal *kerkbezoekers* (veral jongmense), groeiende polarisasie, die toenemend-ontkerstende wêreld en die behoefte aan *missionaire betrokkenheid*. In die NHK (1971) is die omstandighede

(waarbinne die kerke leef) ontleed, die kerk self prinsipieel ondersoek en is 'n herstrukturering van die kerk voorgestel in die lig van 'n duidelik geformuleerde doel.

2.2.3 Church of England (Brittanje)

In 1974 rapporteer hierdie kerk dalende lidmaatgetalle tydens sy Sinode. Kerke groei aanvanklik wel, maar stagneer dan en rapporteer negatiewe groeikoerse. Die groei wat daar is, word aan rondbewegende lidmate toegeskryf.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 *Bybelse perspektiewe vir 'n Gereformeerde kerklike praktyk*

2.3.1 Inleidende opmerkings

Die volgende vyf stellings oor 'n Gereformeerde kerklike praktyk kan gebruik word om plaaslike kerke toe te rus sodat hulle 'n Bybelse en Gereformeerde perspektief oor die kerk kan uitbou, afwykende beskouings en praktyke kan identifiseer en effektiewe strategieë kan ontwerp in die ontplooiing van 'n Gereformeerde kerkbegrip:

- God Drie-enig bring die kerk tot stand en bepaal die kerk se wese en doel tot sy eer
- God Drie-enig sorg vir die welwese, voortbestaan en voleinding van die kerk
- Die kerk is God se sending in die wêreld
- God gebruik sy kinders as medewerkers vir die welwese, die voortbestaan en die opbou van die kerk
- Die kerk is op die koninkryk gerig

Alhoewel daar vervolgens aan elkeen van hierdie stellings afsonderlik aandag gegee word, mag die onderlinge verband en interafhanklikheid van al vyf hierdie stellings nie uit die oog verloor word nie.

2.3.2 God Drie-enig bring die kerk tot stand en bepaal die kerk se wese en doel tot sy eer

2.3.2.1 Die Vader het die gelowiges in Christus *uitverkies* (Ef 1:4), hulle *bestem* om in Christus sy kinders te wees (Ef 1:5) en hulle *geseën* met *al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is* (Ef 1:3). Dit is sy doel om op hierdie manier *alles in die hemel en op die aarde onder een Hoof, Christus te verenig* (1:9-10).

2.3.2.2 Die Seun van God het: *uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou...* (HK 21:54). Hy verlos hierdie uitverkorenes deur sy kruisoffer (Ef 1:7) en maak hulle op die tyd wat deur God bestem is, deur die geloof, deel van God se volk (Ef 1:10-13). Hy is die Hoof van die kerk en uit Hom groei die kerk as liggaam (Ef. 4:15-16). Die eenheid van die gelowiges as liggaam van Christus geniet voorkeur bo ras, kultuur, of volksverband (Gal 3:28; DL 3/4:1, 7).

2.3.2.3 Die Heilige Gees lei die uitverkorenes om deel te word van die volk van God (1:13), *beseël* die gelowiges as eiendom van God (Ef 1:13) en is die waarborg dat die kerk *verder sal ontvang wat God belowe het* (Ef 1:14).

2.3.2.4 In Ef 1:3-14 word die werking van die drie-enige God in verband met die ontstaan van die kerk verkondig (vgl. 2.3.2.1 – 2.3.2.3 hierbo). In dieselfde deel kom daar n vierledige lofsegging voor. Vir die ontstaan en bestaan van die kerk is daar maar een doel en dit is die eer van God. Die oorkoepelende doel van alle groei van die kerk – opbou en uitbou – is die eer van God (vgl. ook 1 Pt 4:11). Die eer van God is egter ten nouste verbind aan die voortbestaan en bestaan van die kerk.

2.3.2.5 Toepassing

2.3.2.5.1 Die ganse bestaan van die kerk kom voort uit die werking van God Drie-enig en bestaan vir sy eer. Daarom bestaan die kerk vir die Here. Die kerk behoort nie aan mense, gelowiges of aan sinodes nie, maar aan die Here. Alleen só kan die kerk lig vir die wêreld wees.

2.3.2.5.2 Hierdie openbaring uit die Skrif het ten doel om n voortdurende en onuitputlike bron van vreugde en vertroosting vir die gelowiges te wees.

2.3.2.5.3 Hierdie openbaring oor die ontstaan van die kerk het ten doel om die hoogste mate van afhanklikheid van en vertroue op God Drie-enig by gelowiges op te wek.

2.3.2.5.4 God se eer word ook daarin sigbaar dat sy kerk groei in heiligheid (Ef 5:27; 1 Pet 3:18) en dat die getal van die uitverkorenes vol word; dus dat die volkomenheid van die getalle van die kerk bereik word (Ef 1:11-14).

2.3.2.5.5 Wanneer die kerke getrou hulle roeping vervul, kan hulle met hoop en blydskap uitsien na God se seën (Kol 1:6).

2.3.3 God Drie-enig sorg vir die welwese, voortbestaan en voleinding van die kerk

2.3.3.1 God die Vader het die kerk as gemeenskap van die uitverkorenes op grond van die Seun se versoeningswerk *regverdig* verklaar (Rom 8:29-30). Trouens, die *hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op aarde* het sy bestaan aan die Vader te danke (Ef 3:15). Hy onderhou die kerk as *verbondsgemeenskap* in die eenheid van die ware geloof (Joh 17:11-24; 2 Kor 3:5-6; Gal 3:29; Heb 8:6-13).

2.3.3.2 Deur die werk van God die Seun is die kerk 'n gemeenskap van heiliges (HK 21:55) wat deur die gawe van geloof met God en met mekaar versoen is (Rom 5:10-11). Deur die versoening is daar 'n intieme *ons-in-Christus-* en *Christus-in-ons-verhouding* (Rom 8:9-11) tussen die Seun en sy kerk (Floor, 1982:69-101). Die gelowiges deel in al Christus se weldade en het die roeping om van sy deugde te getuig (1 Pet 2:9-10). Die kerk is die bruid van Christus wat Hy uiteindelik in volle heerlikheid by Hom sal neem (Ef 5:25-26; Op 19:5-9).

2.3.3.3 Die Heilige Gees skenk die gawe van versoening met God, die ewige lewe en geloof aan sondaarmense en herskep en wederbaar hulle sodat hulle wil al meer volkome in ooreenstemming met God se wil is (DL 3/4:11, 12, 16). Hy skenk aan die kerk in geheel genadegawes en ook aan elke gelowige, sodat hulle in staat is om mekaar op te bou deur hulle dienswerk in die kerk (vgl. Ef 4:7, 12-16). Deur die Gees woon God Drie-enig in sy kerk (Joh 14:23) en word gelowiges aan mekaar gebind (*koinonia*) (1 Kor 12:13). Die Gees lei die kerk deur die Bybel as Woord van God (Heb 3:7). Hy verhelder die gelowiges se verstand en dra die gesagvolle Woord van God in mense se harte in (DL 3/4:1, 11). Die regering, bewaring en vermeerdering van die kerk tot met die wederkoms geskied deur die Woord en Gees (HK 48:123). Die gelowiges moet God sonder ophou vir die Heilige Gees bid en dank (HK 45:116).

2.3.3.4 Die kerk is 'n besondere gemeenskap van mense; hulle is 'n gemeenskap van mense wat deur geloof in Christus en deur die werking van die Heilige Gees met God versoen is. Die kerk is dus 'n gemeenskap wat met God Drie-enig leef in 'n bewuste en innige liefdesverhouding.

2.3.3.5 Geloofsekerheid van gelowiges is 'n vertrekpunt in hierdie verbondsmatige siening van die kerk. Met sekerheid word nie in die eerste plek bedoel dat gelowiges seker is van hulle geloof nie, maar dat hulle seker is van wat Christus vir hulle gedoen het (HK 7:21; NGB 22).

2.3.3.6 Die kerk is 'n gemeenskap van mense wat, hoewel hulle met God versoen is, rekening moet hou met die mag van die bose in hierdie lewe. Hulle stry daarteen (vgl. Doop- en Nagmaalformuliere; NGB 29; DL 5:1, 2; HK 33:89, 90). In hierdie stryd onderwerp die gelowiges hulle volledig aan die regering van God deur sy Woord en Gees (vgl. HK 48:123).

2.3.3.7 Die kerk is 'n gemeenskap van mense wat met mekaar leef. Volgens die Apostoliese Geloofsbelydenis bely die gelowiges die kerk as *die heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die gelowiges*. Dit gaan in die kerk (ook) om koinonia (gemeenskap) – dus verhoudings tussen gelowiges onderling op grond van hulle verhouding met God. Vergelyk Hand 2:42-47; Ef 4:1-16; 1 Kor 12. Eers as gelowiges waarlik 'n onderlinge liefdesgemeenskap is en met mekaar 'n liefdevolle eenheid vorm, sal die kerk sy evangeliseringsroeping effektief kan vervul (Joh 13:34-35; 17:21-23; Hand 2:44-47).

2.3.3.8 In die HK 48:123 bely ons reformatoriese kerke oor die bede *Laat u Koninkryk kom* soos volg: *Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp. Bewaar u kerk en laat dit groei* (vermeerder u kerk – vorige redaksie van die HK). *Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word, totdat die volkomenheid van u ryk kom, waarin U alles in almal sal wees.*

2.3.3.9 In Matt 28:18-20 gee die Here sy laaste opdrag voor sy hemelvaart. Sy opdragte is gegrond op sy magsposisie. Hy het van God ontvang alle mag in die hemel en op aarde. Sy dienskneg-gestalte het verbygegaan. Hy is nie meer die Lam ter slagting nie, maar die

Koning van alle konings. Sy werk as skuldoffer is immers afgehandel – en Hy ontvang nou daarvoor die loon van sy Vader.

2.3.3.10 In die opdrag wat Hy dan aan sy dissipels gee, is daar een hoofwerkwoord: *maak* (al die nasies [my]) *dissipels*. Die uitvoering van hierdie opdrag moet dan plaasvind deur hulle te doop en hulle te leer om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het. Die treffende is dat in hierdie opdrag die *vermeerder*-opdrag voorop staan (g*aan maak dissipels*). Hierdie saak is só belangrik dat dit onlosmaaklik deel uitmaak van die staande opdrag aan die kerk van alle tye daarna. Die *bewaar*-deel van die laaste opdrag van Jesus is eweneens onlosmaaklik daaraan gekoppel (*...en leer hulle om alles te onderhou*...). Die twee opdragte staan spanningloos langs mekaar.

2.3.3.11 Toepassing

2.3.3.11.1 Omdat God Drie-Enig sy kerk in stand hou, is dit van die allergrootste belang dat die verbondsverhouding van elke lidmaat met die verbonds-God direk en berekend aangespreek word in al die bedieninge van die kerk. Daarom is sake soos geloofsekerheid en die voortdurende stryd teen die bose van groot belang in die bediening van die kerk.

2.3.3.11.2 Die teosentriese gerigtheid in die opbou en uitbou van die kerk bewaar kerke van ’n horisontalistiese verwêreldliking in hulle evangeliserende uitreiking na buitestanders, maar terselfdertyd ook van ’n selfgesentreerde na-binne-gerigtheid.

2.3.3.11.3 Die bewaaropdrag van die Here Jesus loop noodwendig in die kerk uit op die opdrag om te vermeerder en andersom. ’n Suiwer kerk wat besig is om te bewaar (op te bou), sal noodwendig ook besig wees om te vermeerder (uit te bou); en ’n kerk wat besig is om te vermeerder, het dadelik ook die roeping om nuwe gelowiges te leer om alles te onderhou wat die Here Jesus beveel het.

2.3.3.11.4 Kerkrade het die staande Bybelse opdrag om hulle gemeentes se kerklike praktyk (in verband met die bewaar- en vermeerderopdrag) in die lig van hierdie gegewens te meet en te reformeer waar nodig.

2.3.3.11.5 Kerkrade moet toesien dat ouderlinge toegerus word om lidmate te begelei in die verdere verdieping en groei van hulle geloofsbelewenis, in hulle bewustheid van die teenwoordigheid van God en in die beoefening van die bepeinsing van die verborgenhede van die geloof.

2.3.3.11.6 Omdat God Drie-enig self sy kerk in stand hou kan die gelowiges altyd ’n positiewe uitsig op die toekoms van die kerke hê, selfs al sou omstandighede die teendeel suggereer.

2.3.4 Die kerk is God se sending in die wêreld

2.3.4.1 Sending is wesenlik deel van die kerk se bestaan en werk (vgl. Matt 28:18-20 en 2.3.3.9, 2.3.3.10), maar sending ontstaan nie uit die inisiatief van mense, kerke of Christene nie, maar vanuit die inisiatief van God self (missio Dei). Daarom is sending ten diepste God se saak. In God se liefde vir die wêreld lê die diepste motief van die sending van die kerk. Omdat sending verstaan moet word as ’n natuurlike handeling van God, moet dit nie ekklesiologies of selfs soteriologies gesien word nie, maar Trinitaries. God die Vader wat die Seun stuur, en die Vader en die Seun wat die Heilige Gees stuur, het tot gevolg gehad dat Hy die kerk na die wêreld gestuur het. God is ’n missionêre, sendende God. Dit is deur en vir sy sending dat God sy kerke bou. Vervolgens word aandag gegee aan *wat* God op hierdie manier bou en *die redes* waarom God bou.

Wat gebou word:

2.3.4.2 In die Ou Testament doen God sy bouwerk in die konteks van die gebrokenheid van die sondeval (Am 9:11,14), maar ook in die konteks van sy uitverkiesing en genadeverbond (Jer 1:10; Jer 24:6, 7). God (her)bou die tempel (Esra 1-6), die stad Jerusalem en sy mure (Nehemia 1-6). Die bouwerk het telkens ook ’n geloofsdimensie: die volk word terselfdertyd weer aan die Here toegewy (opgebou!) vgl. Esra 6:19-10:44; Neh 8, 9 - by wyse van die herinstelling van die feeste (6:19-22; Neh 8:14-19), ’n verbondsvernuwing (Neh 9:38) en pynlike bekering (die wegstuur van vreemde vroue – Esra 10).

2.3.4.3 In die Nuwe Testament is die agtergrond van die opbouwerk steeds die uitverkiesende genade van God en sy verbond met sy volk, die kerk. Daar vind wel ’n ontwikkeling in die boubeeld

plaas wanneer Jesus eers verwys na die *tempel* wat Hy sal afbreek en in drie dae weer oprig (Joh 2:19). Daarmee word nie net verwys na sy liggaam en die opstanding nie, maar ook na die tot niet gaan van die tempeldiens van die ou bedeling. Daar vind nog verdere ontwikkeling in die boubeeld plaas as Jesus later aan sy dissipels sê dat Hy op *hierdie rots* sy kerk sal bou. Die apostels sluit later hierby aan as hulle voortdurend na die kerk verwys as die liggaam van Christus (Hand 20:31-32) wat opgebou moet word. Dit word duidelik dat God eers sy tempel in die OT gebou het, dat die beeld se inhoud toe verskuif het om na die liggaam van Christus te verwys en te eindig by die kerk as die liggaam van Christus op aarde. Elders word verwys na die kerk as die gebou van God wat opgebou word (1 Kor 3:16; 1 Pet 2:4, 5; Ef 2:19-22). *Groei* en *liggaam* word wisselbeelde wat ook wys op die opbou van die kerk (Ef 4:1-16; Kol 2:16-20).

Die redes waarom God sy kerk opbou:

2.3.4.4 God bou die kerk op ter wille van die heiligheid van sy Naam (Eks 7:5; Esegiël 36:21-23), omdat Hy in sy uitverkiesende liefde met sy volk 'n ooreenkoms aangegaan het om hulle God te wees (Gen 17:7).

2.3.4.5 God bou sy kerk uit 'n herderlike en liefdesmotief (Jer 31:20-34; Matt 23:37).

2.3.4.6 God bou sy kerk tot sy eer: die eenheid van die kerk (Joh 17:22-23), die onderlinge liefdesbetoon in die kerk (Joh 13:34), die diensbaarheid van gelowiges aan Hom en aan mekaar (Hand 2:47; 6:7; 9:31), die onderlinge orde en die vrede (1 Kor 12-14) en die geestelike volwassenheid van die kerk (Ef 4:11-16) - alles dra by tot die heerlikheid van die Here (Joh 17:22) en tot die eer van sy Naam.

2.3.4.7 Toepassing

2.3.4.7.1 Omdat die opbou van die kerk primêr God se werk is, plaas dit die opbou van die gemeente in die sfeer van gebedsbediening. In afhanklikheid van God word die wil van God vir sy gemeente gesoek en met leë hande word die vernuwende werk van die Heilige Gees biddend gevra en uit die Bybel gesoek.

2.3.4.7.2 Die *status quo* mag nooit verabsoluteer word nie. Omdat God reeds en steeds besig is om sy kerk te bou, veroorsaak enige stagnasie dat die gemeente in sy doel faal en dus sondig. Elke gemeente moet steeds meer word wat hulle reeds in Christus is, en is in hierdie aardse bedeling steeds op weg na die voleinding en verheerliking. God roep sy kerk tot Bybels-verantwoorde vernuwing, herlewing en voortdurende reformasie.

2.3.4.7.3 Kerke wat sending as wesenskenmerk van die kerke en God self bely en biddend hieraan prakties en konkreet gestalte gee, sal met blydskap kan getuig dat God die nodige middele en gawes vir sy sending voorsien (Matt 28:18b,20b; Joh 14:12; 16:23b-24).

2.3.5 God gebruik sy kinders as medewerkers vir die welwese, die voortbestaan en die opbou van die kerk

2.3.5.1 Christus is en bly die Alleenheerser van sy kerk (Matt 28:18-20; Ef 1:22; Kol 1:18; HK 21:54; NGB 27). Hy regeer te alle tye self in sy kerk deur die Gees met sy Woord. Op hierdie manier skenk Hy lewe en groei aan die kerk. Die Gees herinner die kerk aan Christus se woord (Joh 14:26), en lei hulle in gehoorsaamheid en in die vrug van die Gees (Gal 5:22).

2.3.5.2 Tog gebruik God sy kinders op 'n baie besondere manier in die vergadering en versorging en opbou van sy kerk. Hy gebruik hulle om mense tot geloof te roep en hulle ook met die Evangelie te bedien (Rom 10:14-15; DL 1:1, 3). God laat die versorging en groei van die kerk ook deur mense se dienswerk geskied. Hiervoor gebruik hy veral die besondere dienste (ampte) en die gawes wat Hy deur sy Gees aan gelowiges gee (charismata) (Ef 4:1-16). Die bediening van dienste is altyd die bediening van die gesag van die Hoof, Christus, deur sy Woord.

2.3.5.3 Met die Bybel roep God se diensknegte die uitverkorenes tot bekering, rus mede-gelowiges mekaar opeenvolgend (2 Tim 2:1-2) vir hulle dienswerk toe (Ef 4:1-16; HK 21:55) en bou hulle die kerk op (Ef 4:12).

2.3.5.4 Toepassing

2.3.5.4.1 Dit bly die troos van die kerk dat dit in eerste en finale instansie die getroue, uitverkiesende verbonds-God (Vader, Seun en Heilige Gees) is wat sy kerk bou. En dit bly die vreugde van die kerk dat Hy daarin sy kinders wil gebruik en dit inderdaad doen.

2.3.5.4.2 Die kerk is nie soos enige ander organisasie in die samelewing nie, maar is uniek omdat hy aan die Here behoort (sy eiendom, gekoop met die bloed van Christus), en deur die Here self regeer word (deur die Woord en deur die kragvolle inwoning van die Gees). Hierin kan gelowiges en voorgangers vertroosting vind en gevolglik in biddende afhanklikheid sonder angs hulle verantwoordelikheid teenoor die Here in vertroue op Hom en in navolging van Hom nakom.

2.3.5.4.3 Omdat God 'n missionêre God is, is sy kerk 'n missionêre kerk (missio ecclesiae). Die kerk is in wese 'n sendende kerk en daarom kan nie gepraat word van *kerk en sending* nie, asof die sending maar een van baie take is wat die kerk het. Die missionêre kerk is die plaaslike kerk wat wêreldwyd besig is om sy taak uit te voer. Daarom is die kerk beide die eksklusiewe draer van die boodskap van verlossing en ook die illustrasie (in woord en daad) van God se deernis en liefde vir die wêreld. Waar hierdie twee fasette nie altyd teenwoordig is nie, veroorsaak dit spanning.

2.3.5.4.4 Die doel van die bouwerk van God deur sy kerk as medewerkers kom neer op die vorming van 'n Geesvervulde gemeenskap van dissipels van Jesus Christus. In hierdie gemeenskap wend gelowiges gesamentlik en afsonderlik hulle gawes tot nut en saligheid van mekaar aan. Hierdeur word die gelowiges in hierdie gemeenskap toegerus en opgelei om God só bekend te maak dat die wêreld Hom deur Jesus Christus en deur die werk van die Heilige Gees in sy genade en heiligheid gelowig leer ken. Die gevolg is dat die uitverkorenes in die gebou van God, sy kerk, ingebou word.

2.3.5.4.5 Kerke kan en moet altyd by mekaar leer om sodoende bemoedig te word deur die voortgang van God se bouwerk, ook wêreldwyd.

2.3.6 Die kerk is op die koninkryk gerig

2.3.6.1 Die prediking van die koninkryk van God staan sentraal in die boodskap van Johannes die Doper (Matt 3:1-12) en Jesus (Matt 4:17; 6:10; 13:11-43; 25:34, Mark 1:14-15; Luk 11:2). Die begrip *koninkryk* word ook 110 keer in die vier Evangelies gebruik.

2.3.6.2 Die koninkryk van God word in die huidige bedeling gekenmerk deur die *reeds* en die *nog-nie* daarvan. Die koninkryk het reeds gekom in die koms en regering van die Koning van die koninkryk, Jesus Christus. Die Koninkryk kom egter ook steeds deurdat die burgers van die koninkryk nog versamel word. Vir hierdie doel word die opdrag om die Evangelie te verkondig aan die volgelinge van Jesus gegee (Matt 28:18; Hand 1:8). Die uiteindelike bestemming van die koninkryk is God self (1 Kor 15:24). Die koninkryk van God staan teenoor die koninkryk van sonde, duisternis, leuens en bedrog (Kol 1:12-13).

2.3.6.3 Die koninkryk is 'n meer omvattende begrip as *kerk* en wys op die omvattende regering van God in Christus en deur die Gees oor alle terreine van die lewe. Die bestaan en groei van die kerk in hierdie wêreld is dus die realisering van die koninkryk (HK 48:123). Die kerk is die vrug en die teken van die koninkryk, maar ook die instrument waardeur die koninkryk van God verkondig moet word. Die kerk is die terrein waarin die heerskappy van Christus as Heerser bely word. Die lig wat die kerk versprei, is die lig van die koninkryk. Spanning bestaan tussen die koninkryk van die duisternis en die koninkryk van die lig.

2.3.6.4 Toepassing

2.3.6.4.1 Die gemeente mag op geen wyse doel opsigself word nie, net so min as wat die opgeboude gemeente self die doel is. Die gemeente is gemeente in perspektief van die koninkryk anders is dit geen gemeente nie. Versaking van hierdie visie verloën God as missionêre God – missio Dei (Matt 28:20; Rom 11:36; 1 Pet 4:11) en die kerke as missionêre kerke – missiones ecclesiae (Matt 25:45, 46; 1 Pet 2:9) in die wêreld.

2.3.6.4.2 Christene moet vanweë die gerigtheid van die kerk op God se Ryk betrokke wees by al die samelewingsterreine as ligtende lig en soutende sout. Die kerk se taak is meer as om net C*hristene te produseer.* Dit behels onder meer 'n profetiese stem in politieke, ekonomiese, veiligheids- en sosiologiese sake, uitreik na minderbevoorregtes in konkrete dade van barmhartigheid, betrokkenheid by die skep van werkgeleenthede en opbou van die gefragmenteerde geweldsgeteisterde samelewing van Suid Afrika.

2.3.6.4.3 Die koninkryk is gerig op almal wat die Here op die gelowiges se pad bring - óók hulle op die ashope van die lewe (Heb 13). Die implikasie hiervan vir die kerke in Suid-Afrika

vandag is dat in liefde en met die Evangelie oor die grense van ras en kultuur uitgereik moet word. Die kerke kan met hoop hierdie weg opgaan omdat getroue roepingsvervulling hierin tot die ontplooiing en uitbouing van die kerke sal lei.

Besluit: Kennis geneem.

2.4 *Beskouings wat afwyk van 'n Bybelse en Gereformeerde kerklike praktyk*

2.4.1 Die kerk as alleen-sosiologiese verskynsel. Die kerk word gesien as 'n bloot menslike grootheid wat primêr verbeter moet word met organisasie- en bestuursvaardighede uit die Bedryfsielkunde.

2.4.2 Verbonds-outomatisme. Die standpunt dat alle kerklidmate outomaties kinders van die Here is. Ontrou, onverskilligheid en ongehoorsaamheid van lidmate en plaaslike kerke mag nie weggepraat word op grond van die verbondstrou van God nie. Dit is waar dat die algemene Christelike kerk sal bestaan tot die einde toe, maar God waarsku ook dat Hy ontroue kerke se kandelaar van hulle plek sal wegneem (Op 2:5).

2.4.3 Institusionalisme. Die verhouding met God word vervang met 'n verhouding met 'n organisasie. Ware vroomheid en spiritualiteit ontbreek.

2.4.4 Behoudsug. Die instandhouding van bestaande strukture geniet prioriteit ten koste van die Bybelse opdrag om die Evangelie te verkondig. 'n Nuwe leuse geld in sulke kerke: *Solus status quo.*

2.4.5 Neo-Fariseïsme. Uiterlike gehoorsaamheid sonder 'n gelowige hartsgesindheid wat getuig van 'n gebrokenheid van hart voor God, ware dankbaarheid vir die verlossing in Christus en 'n daaropvolgende lewe wat onder leiding van die Heilige Gees gevoer word.

2.4.6 Tradisionalisme. Die werk van God in die verlede word oorbeklemtoon ten koste van sy werk in die hede. Tradisionalisme staan ware reformasie teen, kweek vrees vir verandering, belemmer ware selfondersoek en verlam kerke en voorgangers omdat tradisionele sienings en verwagtings 'n Bybelse siening en verwagting oor ware kerkwees strem.

2.4.7 Verwaarlosing van die verbond. Miskenning van huwelik, gesin, en kerk wat as verbondsgemeenskap coram Deo (voor die aangesig van God) leef.

2.4.8 Verwaarlosing van die begeleiding van die verbondsjeug. Ongehoorsaamheid aan die duidelike Bybelse opdrag tot die begeleiding van die jeug tot 'n bewuste belydenis en belewenis van die verbondsgenade van God (Deut 6:4-8 ; Joh 21:15). Belydenisaflegging as blote (noodwendige) formaliteit op 'n bepaalde leeftyd.

2.4.9 Atomisme. Hantering van 'n sekere groep (of groepe) van die gemeente as losstaande van en buite die verbondsmatige gemeenskap van die gelowiges.

2.4.10 Individualisme. Die beskouing dat iemand lidmaat van die kerk kan wees sonder om innig deel van die gemeenskap van gelowiges en die gemeenskap met Christus te wees (koinonia). Minagting van die kerk. Kerklosheid.

2.4.11 Metodisme. Verwaarlosing van die uitverkiesing en geloofsekerheid as onmisbare basiese element in die geloofsmondering van die gelowige.

2.4.12 Biddeloosheid. Miskenning van die onmisbare en fundamentele rol van die openbare en persoonlike gebede, veral ten opsigte van die werking van God die Heilige Gees. Gelowiges bid nie meer daadwerklik saam met mekaar en vir mekaar nie.

2.4.13 Duplisering. Die gedagte dat 'n gemeente bloot kerke in die verlede of ander gemeentes kan dupliseer sonder 'n persoonlike roepingsbesef wat in 'n spesifieke konteks biddend voor God uitgemaak is.

2.4.14 Planloosheid. Kerkrade gee geen aandag aan die beplande en sistematiese opbou van die kerk nie.

2.4.15 Veranderingsdrif. Verandering gewoon ter wille van verandering - elke nuwe gier word nagejaag.

2.4.16 Kerkisme. Die afwykende gedagte dat God sy ware gelowiges slegs in een kerkverband vergader. Ekumeniese sensitiwiteit, insig en biddende meewerking aan God se bouwerk oraloor word ingeboet.

2.4.17 Missionêre roepingsversaking. Ongehoorsaamheid aan die opdrag van Jesus in Matteus 28:19-20. Miskenning van die Bybelse beginsel dat die opbou van die kerk onlosmaaklik aan die uitbou van die kerk verbind is.

2.4.18 Ampsoorheersing. Voorgangers bedien nie meer nie, maar skuif tussen Christus en die lidmate in. Lidmate bly as passiewe toeskouers onmondig, onaktief en onvolwasse in hulle geloof.

2.4.19 Gewetensbinding. Kerke/lidmate se gewetens word gebind deur sake wat nie duidelik op die Woord gegrond is nie.

2.4.20 Sinodokrasie. Besluite word deur meerderheidstem afgeforseer sonder biddende, Bybelse oorreding en motivering.

2.4.21 Herderloosheid. Onwilligheid van lidmate om die gawes wat die Heilige Gees gegee het te gebruik en onbaatsugtig in die gemeente te dien.

2.4.22 Verwêreldliking. Die kerk verloor uitsig op die verheerliking van God as hoogste doel en verval in oppervlakkigheid en mensgerigtheid. Die kerk se deel in die universele stryd teen die bose word nagelaat.

2.4.23 Rassisme. Miskenning van die eenheid van alle gelowiges in Christus bo kulturele en volksverband. Traagheid om aan hierdie eenheid konkreet gestalte te gee en dit uit te leef.

2.4.24 Bibliolatrie. Die aanbidding van die Bybel en Bybelse waarhede sonder 'n lewende verhouding met God deur Jesus Christus as Verlosser.

Besluit: Kennis geneem.

3. Studie oor die tyd waarin ons lewe

U Deputate is oortuig dat besinning en aanbevelings oor die bewaring en vermeerdering van die kerk ook kontekstueel moet wees. Daarom word in hierdie gedeelte (sondere standpuntinname of evaluering) 'n algemene en voorlopige skets gebied oor twee belangrike kenmerke van die huidige tyd waarin kerke in Suid-Afrika hulle roeping moet uitlewe.

3.1 *Die kerke in 'n post-moderne era*

Oor die algemeen word aanvaar dat die post-moderniteit hom verset teen die oorskatte mag van die rede, wetenskap en tegnologie, die humanisme en die groot super-sosiale strukture wat dit tot gevolg het. Die eg menslike soos ervaring, menslikheid, verskeidenheid en die geldigheid van verskillende waarhede word op die voorgrond gestel. Absoluuthede en absolutistiese stelsels word verwerp.

3.1.1 Waarheid is relatief

Post-moderniteit het twee besondere kenmerke. Die fokus in post-moderniteit is nie op die objek vanuit die sogenaamde objektiewe rede soos in die wetenskapsbeskouing van die moderniteit nie, maar op die subjek, die mens self met sy voorveronderstellings, gevoel, geloof en spiritualiteit. Die denkwyse erken die deurslaggewende rol van voorveronderstellings in die denke van die mens. Alle wetenskaplike resultate en die mens se ondersoeking van dinge word wesentlik bepaal deur sy voorverondestellings. Hierdie voorveronderstellings kan wees sy godsdiens, kultuur, lewens- en wêreldbeskouing of omgewing. Deur hierdie "brille" kyk die mens na die werklikheid en elkeen sien deur sy "bril" 'n ander werklikheid.

Die gevolg daarvan is dat vaste waarhede en etiese reëls volgens die denkwyse nie moontlik is nie. Verskillende "waarhede" en etiese kodes kan tegelykertyd geldig wees. Absolutisme, gebaseer op 'n redelik uitgewerkte en verklaarde beginsel van wat reg en verkeerd is, het dus vervaag. Soos wat die moderniteit godsdiens bevraagteken het, bevraagteken post-moderniteit die rede. Daarom aanvaar post-moderniteit die geldigheid van meer as een moontlike waarheid oor dieselfde aangeleentheid. Reg en verkeerd word vervang met geldig en óók geldig. Alle vorme van fundamentalisme waarin een stel etiese reëls as die basis van die lewe van die mens gestel word, word verwerp. Die slagkrete van die post-moderniteit is "Nothing is sacred" en "Everything goes". Vir die kerk (wat uitgaan van die vaste waarheid van die Skrif en die sekerheid van die heil) stel hierdie nuwe denkwyse 'n lewens- en wêreldbeskoulike omgewing waarbinne beginseldenke opnuut gemotiveer en bevorder moet word.

3.1.2 Nuwe belangstelling in godsdiens

Die tweede besondere kenmerk van die post-moderniteit is die nuwe belangstelling in die godsdiens. Die individu se lewe in verhouding met en binne die geheel van die kosmos kom onder die soeklig. Die bestaan van God en die mens se inherente godsdienssin word erken.

Hierin word totaal wegbeweeg van die sekularisme en godloosheid van die moderniteit met sy swaar humanistiese inslag. Waar die vraag in die moderniteit was na die bestaan van God, fokus die post-moderniteit op die vraag: "Hoe tree mens in 'n verhouding met God?" Spiritualiteit en godsdiens het weer belangrik geword omdat dit erken word as die diepste essensie van menswees.

In die pre-moderniteit het die geloof in die afhanklikheid van die metafisiese die lewe van mense beheer. In die moderniteit gaan dit om die dominansie van die menslike rede met sy gevolglike humanistiese lewensbeskouing: klem op die wetenskap, tegnologie en makro sosiale stelsels. Die post-moderniteit daarenteen wil uitgaan van die dominansie van menslike ervaring. Die einde van die twintigste eeu word dus gekenmerk deur die makroparadigmaskuif van moderniteit na post-moderniteit met al die verwarring, onsekerheid en konflik wat met so 'n makroparadigmaskuif op makrovlak gepaard gaan. Nie net denkrigtings nie, maar denkwyse verander en daarom is alles aan fundamentele verandering onderworpe. Hierdie verskuiwing het, soos dit was met die verskuiwing van pre-moderniteit na moderniteit, ingrypende implikasies vir die bedieningskonteks van die kerk. Hierby moet in gedagte gehou word dat die kerk en die konteks waarin hy beweeg, onvermydelik op mekaar betrekking het.

Die nuwe paradigma waarin ons leef, het vir die kerk en die gelowige positiewe en negatiewe implikasies. Aan die negatiewe kant moet gewys word op die relativering van waarheid en etiese kodes. Alles kan nie maar net as geldig aanvaar word nie. Die Bybel leer ons wat reg en verkeerd is. Aan die positiewe kant moet gestel word dat die post-moderniteit meer "godsdiensvriendelik" as die moderniteit is. Daar word weer gevra na die sin en betekenis van die geestelike dinge en die geloof word opnuut na waarde geskat. Vir die kerk beteken dit dat die mens weer 'n luisterende oor ontwikkel vir die Evangelie. Waar ons op ons hoede moet wees om nie die Skrifwaarheid aan te pas by die tydsgees nie, kan ons tog met hernude ywer die Waarheid verkondig aan die mens wat nou erken dat hy geestelik bankrot is.

3.2 *Die kerke in die nuwe volledige demokrasie*

Die instelling van 'n volledige demokrasie in Suid-Afrika het die Suid-Afrikaanse konteks ingrypend verander. Veskeie mesotendense kan aangedui word wat voortvloei uit die aftakeling van Apartheid en die opkoms van die nuwe demokrasie. Hieronder kan die volgende gestel word:

3.2.1 As gevolg van die skending van menseregte deur die Apartheidssiteem, word 'n hoë premie gestel op die wetlike erkenning van menseregte. Hoewel die konsep van menseregte Bybels verantwoord kan word, is 'n humanistiese inkleding daarvan vir die kerke 'n wesentlike probleem. Die kerke sal moet toesien dat menseregte in sy Bybelse betekenis uitgewerk word en dat 'n kultuur van menseregte op grond van gereformeerd etiese beginsels gestalte moet kry. Laasgenoemde is van wesentlike belang omdat beide Apartheid en die stryd daarteen 'n kultuur van onverdraagsaamheid en suspisie geskep het Daarby sal gewerk moet word aan die etiese en sosiale implikasies van versoening in ons verdeelde gemeenskap.

3.2.2 Na apartheid het die staatsbeskerming van die Christelike godsdiens verdwyn. Godsdiensvryheid bring mense in kontak met ander godsdienste deur middel van die media. Godsdiensvryheid is reeds deur die Sinode van 1985 as basiese reg van mense aanvaar. Die Christelike kerke kom egter voor die werklikheid te staan dat die Evangelie so verkondig moet word dat gelowiges hulleself binne 'n multigodsdienstige land kan handhaaf en hulle missionêre roeping kan vervul.

3.2.3 Voortvloeiend uit bogenoemde kan ook gewys word op die sekularisering van die samelewing. Met reg kan beweer word dat die Suid-Afrikaanse samelewing 'n moraliteitskrisis beleef soos nooit voorheen in sy geskiedenis nie. Sake soos kriminaliteit, geweldpleging, seksuele verwildering, aborsie op aanvraag, lastering van die Naam van die Here oor die openbare media en 'n materialistiese lewenstyl het algemeen in die Suid-Afrikaanse samelewing geword. Veral die jeug word met hierdie sekulêre waardes gekonfronteer. Die opbou van Christelike beginseldenke en 'n heilige lewenswandel moet in die kerklike bediening nie nagelaat word nie. Daarby sal die profeties-kritiese roeping van die kerk teenoor 'n sekulêre staat kontekstueel gedefinieër en uitgewerk moet word. Veral sal dit ook die taak van die kerk wees om die "waghond" te wees oor moontlike magsmisbruik

deur die staat. In hierdie opsig sal ekumeniese samewerking op die wyds moontlike vlak genoodsaak word.

3.2.4 Hoewel die nuwe demokrasie uitgaan van die gedagte van ’n nie-rassige eenheidstaat, word die realiteit van multikulturalisme nie daardeur opgehef nie. Die kerke sal deeglik moet besin oor die wyse waarop gelowiges met uiteenlopende kulturele agtergronde en taal effektief bedien kan word binne een plaaslike gemeente.

3.2.5 Armoede en werkloosheid is steeds die grootste sosiale vraagstuk in Suid-Afrika en die rol van die kerke in hierdie verband verdien dringende aandag. Kan bloot op die ou patroon van diakonale versorging voortgegaan word? Meer moet in hierdie verband gedoen word deur die gelowiges in die amp van die gelowige.

Besluit: Kennis geneem.

4. Resente navorsing

4.1 U Deputate het ook ’n studie onderneem na verskillende heersende evangelisasiemodelle en ’n studiestuk in hierdie verband is beskikbaar (Bylae 7). Van die volgende evangelisasiemodelle is kennis geneem:

4.1.1 *Household Evangelism*
4.1.2 *Friendship Evangelism*
4.1.3 *Target-Group Evangelism*
4.1.4 EE3-evangelisasie (vgl. Acta 1982:54-59)
4.1.5 *Becomming a contageous Christian* (*Willow Creek Evangelism*)
4.1.6 *Service Evangelism* (Getroue Getuies)

4.2 U Deputate meen dat navorsing deur Callahan ’n goeie opsomming bied van beskikbare kundigheid (Callahan, K.L. 1983. Twelve Keys to an effective Church. San Francisco: Harper). ’n Bylae waarin ‘n meer uitvoerige uiteensetting van Callahan se standpunte gegee word, is deur die Deputate saamgestel (Bylae 8). Oor ’n tydperk van 27 jaar volg Callahan ’n diagnostiese benadering in sy evaluering van 1 000 kerke. Hy toon vanuit sy navorsing aan hoe die verskillende fasette van gemeenteopbou met mekaar in verband staan en een geheel vorm. Uit sy navorsing identifiseer Callahan 12 kenmerke wat teenwoordig is in kerke wie se totale bediening gebou is op die primêre beginsel van kerkwees: *om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus* (Ef 1:10). Die 12 kenmerke is:

4.2.1 Spesifieke, konkrete missionêre doelwitte
4.2.2 Pastorale besoeke deur die predikant, voorgangers en lidmate in die gemeente en gemeenskap
4.2.3 Skrifgefundeerde eredienste
4.2.4 Kleingroepe
4.2.5 Sterk leierskaphulpbronne
4.2.6 Vaartbelynde strukture en deeglike, deelnemende besluitneming
4.2.7 Verskeie toereikende programme en aktiwiteite
4.2.8 Openheid en toeganklikheid van die gemeente
4.2.9 Opvallende sigbaarheid
4.2.10 Voldoende parkering, grond en landskapsontwikkeling
4.2.11 Voldoende ruimte en fasiliteite
4.2.12 Gesonde finansiële hulpbronne

In hierdie 12 kenmerke handel die eerste 6 oor verhoudinge en die laaste 6 oor funksionele sake. Die verhoudingsgeoriënteerde kenmerke dra by tot vrede en vervulling in ’n gemeente, terwyl afwesigheid van die funksionele kenmerke daartoe kan bydra dat daar onvrede en ongelukkigheid in ’n gemeente is.

4.3 ’n Studiestuk waarin die teologie van die *Service-Evangelism* geëvalueer word, is deur u Deputate opgestel (Bylae 9). U Deputate het ook kennis geneem van waardevolle gemeenteboumateriaal wat reeds vir kerke beskikbaar is (vgl. Bylaes 10 en 11). ’n Volledige bibliografie van bronne waarna in hierdie Rapport verwys word, asook van bronne wat deur u Deputate in studie geneem is en belangrik is vir verdere navorsing oor die bewaring en vermeerdering van die kerke, is as ongepubliseerde bylae beskikbaar (Bylae 12).

Besluit: Kennis geneem. Van punte 4.1 en 4.3 met dank kennis geneem.

5. Statistieke van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

5.1 Aanvullend by die statistiese ontleding wat voor die 1997-Sinode gedien het, het u Deputate 'n detail-ontleding van die statistieke van individuele gemeentes en predikante vir die tydperk 1990-1997 nagevors (Bylae 13). Statistieke van die kerkverband vir 1998 en 1999 is ook nagevors. As bron is deurgaans die jaarlikse *Almanak* van die GKSA gebruik.

5.2 *Detail-ontleding van statistieke vir 1990-1997*

5.2.1 Statistieke vir 'n tydperk van agt jaar (1990-1997) is bereken oor lidmaatgetalle onder die bediening van individuele gemeentes/predikante. Die statistiek het bestaan uit die som van die getal lidmate wat in hierdie tydperk gemeenskap beëindig het, sonder attestaat vertrek het, opgeneem is en belydenis afgelê het. Attestasie is nie in die statistieke in berekening gebring nie, omdat dit na die oordeel van die Deputate meesal met normale demografiese verskynsels verband hou.

5.2.2 Statistiek per duisend lidmate bedien, is ook vir elke individuele gemeente/predikant bereken om enigsins 'n vergelykingsbasis tussen groter en kleiner gemeentes daar te stel.

5.2.3 Elke kerk en Klassis se individuele statistiek is vir kommentaar aan hulle gestuur. Individuele predikante se statistiek was op hulle persoonlik navraag beskikbaar.

5.2.4 U Deputate het kennis geneem van die feit dat nie alle faktore wat 'n invloed op individuele gemeentes/predikante het, in statistieke verreken kan word nie en dat die interpretasie van statistieke relatief is. Nogtans meen u Deputate dat geldige afleidings oor heersende tendense by lidmaatgetalle in die GKSA wel só gemaak kon word.

5.2.5 Prof. Faan Steyn, 'n statistikus, word bedank vir sy kommentaar en insette.

5.2.6 Bevindings

5.2.6.1 Daar is meer (164) Gereformeerde kerke wie se lidmatetal in die genoemde periode van 8 jaar gegroei het, as kerke wie se lidmatetal konstant gebly (4) of gedaal (150) het.

5.2.6.2 Veral kerke wat as woonstel- en studentegemeentes gedefinieer kan word, verloor baie lidmate.

5.2.6.3 Die vernaamste faktor in die dalende lidmatetal is *vertrek sonder attestaat*.

5.2.6.4 Veral plattelandse gemeentes is groeiende gemeentes.

5.2.6.5 Dit blyk dat vir elke 1 000 wat bedien word, meer groei in kleiner gemeentes geregistreer word. (Net 15 uit die 50 gemeentes wat die meeste groei beleef, het meer as 200 belydende lidmate.)

5.2.6.6 Dit wil voorkom of, dikwels ongeag van standplaas, sommige predikante se bediening tot groei lei.

5.3 *Statistieke van 1998 in vergelyking met 1997*

5.3.1 Belydende lidmate het met 2% afgeneem, van 77 449 tot 75 912.

5.3.2 Dooplidmate het met 7.7% afgeneem, van 29 637 tot 27 352.

5.3.3 15.02% minder verbondskinders as die vorige jaar is gedoop.

5.3.4 Drie kerke het in hierdie jaar hulle deure gesluit of het met ander kerke gekombineer. Daar is 13 minder predikante in die bediening.

5.3.5 Gevolgtrekking

5.3.5.1 Die kommerwekkende tendense wat deur die Sinode 1997 waargeneem is, duur voort.

5.3.5.2 Die afname in die getal predikante impliseer waarskynlik 'n groter beweeglikheid vanweë beroepe. Finansiële faktore dra egter daartoe by dat baie vakante gemeentes nie weer 'n predikant beroep nie. U Deputate het kennis geneem van tendense om waar daar finansiële nood in kerke bestaan, eers op die evangelisasiebegroting en later op die bedieningsbegroting te besnoei.

5.4 *Statistieke 1999 in vergelyking met 1998*

Hierdie statistieke was met die keerdatum vir Rapporte nog nie beskikbaar nie. Hieroor sal u Deputate waarskynlik aanvullend rapporteer.

Besluit: Kennis geneem.

Opdrag 4

1. Inleiding

1.1 Die agtergrond van hierdie opdrag hou verband met die besluite van Sinode 1985 en 1988 oor die eenheid van die kerk en sending buite eie kultuurgroepe (Acta 1985:435, 878; 1988:363, 370-371).

Besluit: Kennis geneem.

1.2 'n Studiestuk oor die versorging van die pasbekeerde Christen is deur u Deputate voorberei (Bylae 14).

Besluit: Met dank kennis geneem.

2. Die navorsing toon aan dat die volgende behoeftes by nuwe bekeerlinge bestaan

2.1 Die behoefte aan gemeenskap (koinonia)
2.2 Behoefte aan geestelike belewing
2.3 Behoefte om godsdiens en lewe te integreer
2.4 Behoefte aan bemagtiging (elke lidmaat maak 'n verskil)
2.5 Behoefte aan geloofstoerusting

Besluit: Kennis geneem.

3. Knelpunte wat moontlik kan verhoed dat bekeerlinge in die gemeente opgeneem word is

3.1 Probleme vanuit die samelewing soos die ontvlugting in privaatheid, depersonalisasie en invloed om te konformeer.
3.2 Probleme vanuit die kerkkultuur soos reaktiwiteit teenoor vreemdes, min missionêre gerigtheid, norme oor uiterlike gedrag en voorkoms en die feit dat die predikant dikwels gesien word as enigste pastor.
3.3 Probleme in die plaaslike gemeente soos koudheid teenoor die nuwe Christen, gebrek aan koinonia (meelewing) en gebrek aan geleentheid om eie gawes te ontdek en te beoefen.
3.4 Probleme vanuit die individu soos persoonlike sondes, moeilike huislike en werksomstandighede, problematiese karaktereienskappe, eie-ek-gerigtheid en nie-Christelike lewenspatrone.

Besluit: Kennis geneem.

4. Moontlike oplossings

4.1 Die hele gemeente moet begelei word tot 'n na-buite-gerigtheid en tot 'n warmte en belangstelling teenoor nuwe lidmate en besoekers.
4.2 Verskillende soorte kleingroepe kan gebruik word om individue of gesinne te evangeliseer, katkiseer en tot ware meelewing te begelei.
4.3 Nuwe bekeerlinge moet begelei word om hulle gawes te ontdek en by bedieninge of diensgroepe in te skakel.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

1. <u>Verootmoediging</u>

1.1 Al die Gereformeerde Kerke verootmoedig hulle voor die Here.

Besluit: Goedgekeur.

1.2 Motivering.

1.2.1 Alhoewel daar ook sommige kerke is wat ten opsigte van die kerk as *missiones ecclesiae* strewe na getroue roepingsvervulling, het u Deputate na aanleiding van studie, statistieke en gebrekkige reaksie op vraelyste en skrywes met hartseer tot die oortuiging gekom dat baie kerke en lidmate 'n onbybelse en sondige kerkbegrip - wat meesal neerkom op blote instandhoudingsbediening - huldig en uitleef.

1.2.2 Hierdie onbybelse kerkbegrip kom veral na vore in onbewoënheid en onbetrokkenheid teenoor die roeping tot vermeerdering van die kerk. Kerke en lidmate is hierin ongehoorsaam aan duidelike Bybelse opdragte deur die Evangelie nie getrou en effektief genoeg te verkondig aan alle volke nasies en tale nie.

1.2.3 Aangesien hierdie saak ook al by ’n vorige Sinode gerapporteer is (Acta 1997:875) kan u Deputate nie anders nie as om met hartseer af te lei dat daar hierin ook ’n mate van onverskilligheid en verharding bestaan.

1.2.4 Die enigste pad na getroue roepingsvervulling lê dus op die Bybelse weg van verootmoediging (2 Sam 12:16; 1 Kon 21:29; 2 Kron 12:6; Neh 1:6-7). Hierdie verootmoediging moet in die lig van hierdie hele Rapport uitloop op selfondersoek, skuldbelydenis, bekering, gebed en nuwe toewyding in volkome gehoorsame afhanklikheid van die Here.

1.2.5 Hierdie weg word opgegaan in die wete dat die verheerlikte Christus die eintlike visitator van die kerke is (Op 1-3).

Besluit: Kennis geneem.

2. Selfondersoek

2.1 Hierdie Rapport word na elke kerkraad verwys sodat alle lidmate hulle voortdurend persoonlik in biddende, Bybelse en reformerende selfondersoek (2 Kor 13:5; Neh 1:8-9) tot die Here sal wend.

Besluit: Goedgekeur.

Hierdie ondersoek impliseer:

2.1.1 Die plaaslike kerke besef en aanvaar hulle selfstandige verantwoordelikheid in hierdie verband

2.1.2 Selfondersoek oor getroue roepingsvervulling as *missiones ecclesiae* ’n staande Agendapunt vir kerkraadsvergaderings is

2.1.3 Kommissies van die kerkrade word benoem om hulle op deurlopende basis in hierdie selfondersoek te begelei

2.1.4 Kerkrade formuleer prakties en konkreet ’n *missie* en *visie* vir die gemeente.

2.2 Motivering

2.2.1 Op hierdie manier moet alle lidmate op die hoogte gebring word van die Bybelse perspektiewe vir ’n Gereformeerde kerklike praktyk en van afwykende beskouings en die tendense van die tye waarin ons leef.

2.2.2 Kerkrade en lidmate moet begelei word tot ’n pynlik-eerlike hand-in-eie-boesem-steek voor God oor die roeping tot vermeerdering van die kerk (Matt 28:18-20). Redes waarom behoudsug-mentaliteit en instandhoudingsbediening voorkom en die *vermeerder*-opdrag nie uitgevoer word nie, moet duidelik omskryf en onder oë geneem word.

Besluit: Kennis geneem.

3. Bekering en reformasie

3.1 Kerke (d.i. al die lidmate) voer getrou hulle roeping as *missiones ecclesiae* uit.

Besluit: Goedgekeur. Die nuwe Deputate voeg ‘n geskikte Afrikaanse vertaling van *missiones ecclesiae*, bv. “Gestuurde Kerk”, telkens tussen hakies by.

3.2 In hierdie roepingsvervulling behoort die volgende reformasie in elke plaaslike kerke aan die orde kom:

3.2.1 Toerustende bediening

3.2.2 Die ontplooiing van lidmate se gawes om ruimte te skep vir dienslewering en meelewing binne en buite die gemeente

3.2.3 Die missionêre gerigtheid van die gemeente

3.2.4 Reformatoriese (Gereformeerde) spiritualiteit

3.2.5 Verbondsmatige jeugbediening

3.2.6 Eredienste as lewende en feestelike ontmoeting

3.2.7 Positiewe elemente van ’n reformatoriese groepsbediening

3.2.8 Geesvervulde en doelgerigte leierskap

3.2.9 Skrifgefundeerde prediking

3.2.10 Suiwere, organiese en liefdevolle toepassing van die kerklike tug

3.2.11 Opbou en uitbou van die ware gemeenskap van die gelowiges (koinonia)

3.2.12 Skrifgefundeerde en doelmatige strukture vir die effektiewe versorging en mobilisering van lidmate.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 Die Sinode gee opdrag aan die nuwe Deputate, in samewerking met die Kuratorium van die TSP, om (byvoorbeeld deur 'n moontlike Instituut vir Gemeentebou [vgl. 5.1]) praktiese en planmatige hulp aan kerkrade te bied om 'n instandhoudingsbediening te reformeer tot 'n bediening van getroue roepingsvervulling volgens die Bybel.

3.4 'n Volledige siklus van visitasie word dwarsdeur die GKSA aan die kerke en lidmate se getroue roepingsvervulling afgestaan. Die kenmerke van die ware kerk en die ware gelowiges (NGB, art. 29) moet by hierdie visitasie aan die orde kom.

3.4.1 Motivering

3.4.1.1 Hierdie saak raak die hart van die bestaan en wese van alle kerke.

3.4.1.2 Indien een kerk toegelaat word om oor hierdie saak onverskillig te staan of daaraan weinig of geen aandag te gee, sal dit tot nadeel van al die kerke wees.

3.5 Die *koinonia* van kerke sal sterker na vore kom om met hartgrondige blydskap en openheid by mekaar te leer.

Besluit: Punte 3.3 tot 3.5 kennis geneem.

4. Voorbidding

3.3 Die noodsaaklikheid van voortdurende en volhardende gebed, smeking en danksegging vir die bewaring en vermeerdering van God se kerk kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 Motivering

3.4.1 Die onmisbaarheid van gebed vir die werking van God die Heilige Gees word duidelik deur die kerke bely (HK 45:116; 48:123).

3.4.2 Die gebed, as vernaamste deel van gelowiges se dankbaarheid, is ook teken van nuwe afhanklikheid van toewyding en gehoorsaamheid aan God.

Besluit: Kennis geneem.

5. Toerusting

5.1 Die Sinode gee opdrag aan die Kuratorium van die Teologiese Skool tot die bepaling van 'n metode (byvoorbeeld deur die ontwikkeling en daarstel van 'n Instituut vir Gemeentebou) wat predikante, gemeentes, kerkrade en lidmate op 'n permanente basis prakties kan toerus en begelei in 'n Bybelse, planmatige en omvattende geestelike opbouproses. Daardeur kan kerke (elk in sy eie omstandighede) ten opsigte van die Bybelse *bewaar*- en *vermeerder*-opdrag getrou hulle roeping vervul, ook konkreet in die samelewing waarin elke gemeente staan (vgl. 3.1 - Bekering en reformasie). Die toerusting van studente- en woonstelgemeentes moet hoë prioriteit geniet.

5.2 Die Sinode begroot vir die uitvoering van die opdrag in 5.1.

5.3 Motivering

5.3.1 Die voortbestaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika lê in die genade van God en die getroue roepingsvervulling van elke lidmaat en gemeente. Dit is onmisbaar dat die kerke op hierdie gebied geestelik en finansieel sal belê.

5.3.2 Die groei-agterstande, gawes, geleenthede en posisie van elke gemeente kan ingrypend verskil. Individuele, wetenskaplike spesialis-begeleiding en toerusting hierby sal 'n geweldige bydrae kan lewer tot getroue roepingsvervulling van individuele gemeentes.

5.3.3 Die reformatoriese ontwerp, evaluering en aanpassing van gemeentebou-programme is 'n voltydse en voortgaande taak waarvoor die kerke (byvoorbeeld in 'n Instituut vir Gemeentebou) gesamentlik verantwoordelikheid moet aanvaar.

Besluit: Kennis geneem.

6. Inskakeling van nuwe bekeerlinge

6.1 Kerke gee indringend/sorgvuldig aandag aan knelpunte t.o.v. die ontvangs van besoekers (gasvryheid) en die inskakeling van pas bekeerdes (nasorg) deur:

6.1.1 groter evangelisasiebewustheid by gemeentelede te kweek,

6.1.2 aktiewe en feestelike deelname aan die eredienste,

6.1.3 toespitsing op persoonlike pastoraat

6.1.4 en die inskakeling van nuwelinge by die *koinonia*, aktiewiteite en dienswerk in die gemeente, ook in kleiner verband soos bv. Bybelstudiegroepe, wyke, klein(er) groepe, diensgroepe, ens.

Besluit: Goedgekeur.

6.2 Motivering

6.2.1 Nuwe bekeerlinge het unieke behoeftes en probleme. Indien hierdie sake nie aangespreek word nie, kan dit hulle verhoed om in te skakel.

6.2.2 In 'n groep word ruimte gebied om probleemgedrag te identifiseer en te korrigeer, om Christus en sy Woord prakties in die persoonlike lewe te vergestalt, om koinonia (meelewing) en warmte vir die nuwe gelowige te skep, om strukture van ondersteuning en versterking daar te stel, om nuwe identiteit in Christus en diensbaarheid (gawes) te ontdek en te beleef en om deur voorbereiding en terugvoering eredienste sinvol te beleef.

6.2.3 Deur deelname aan die eredienste begin nuwe bekeerlinge om God saam met ander gelowiges te ontmoet en te aanbid.

6.2.4 Deur intensiewe persoonlike pastoraat kan nuwe bekeerlinge gehelp word om 'n tuiste in die gemeente te vind.

Besluit: Kennis geneem.

7. <u>Toegewyde, effektiewe administrasie</u>

1.1 Kerke (kerkrade en lidmate) gee ernstige aandag aan lidmate wat sonder attestaat uit gemeentes vertrek. Kerke behoort met groter toewyding, noukeurigheid en ywer in die verband op te tree en die hele gemeente daarby te betrek.

Besluit: Goedgekeur.

1.2 Motivering

1.2.1 Die grootste deel van die verlies aan lidmate word toegeskryf aan *vertrek sonder attes*.

1.2.2 Deur navraag by vriende, familie of kollegas kan lidmate wat sonder attes vertrek het, waarskynlik wel opgespoor word en verder bedien word.

Besluit: Kennis geneem.

4. Opdrag

Die Bestuur van die Administratiewe Buro kry die volgende opdrag:

4.1 Om 'n Inligtingstuk op te stel waarin die hoofsaak van hierdie Rapport op 'n bevatlike wyse saamgevat word en aan kerkrade beskikbaar gestel word vir plaaslike gebruik.

4.2 Om Kerkrade in te lig oor Bylaes in die Rapport wat vir plaaslike kerke bruikbaar kan wees.

4.3 Om kerklike statistieke te moniteer en te evalueer.

4.4 Doen in samewerking met die Skool vir Kerkwetenskappe van die Teologiese Skool navorsing oor die reformatoriese opbou en uitbou van die kerk en stel toerustingsmateriaal hieroor aan die kerke beskikbaar.

4.5 Verkry inligting van ander kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan (en selfs wyer), oor die wyse waarop die bewaar-en-vermeerder opdrag aangespreek word. Dieselfde inligting moet ook van die Sinodes Soutpansberg en Middellande ingewin word.

4.6 Stel 'n riglyn aan Klassisse beskikbaar vir die uitvoering van 3.4 (Bekering en reformasie) in 'n siklus van visitasiegesprekke.

4.7 Verwerk hierdie Rapport in 'n lesersvriendelike en aantreklike publikasie en stel dit aan kerkrade en lidmate beskikbaar.

Besluit: Goedgekeur.

24.5 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE NOORD-TRANSVAAL OOR HERINSTELLING VAN DIE DOODSTRAF (Artt.104, 156)

A. Ds. J.J. de Kock stel die Beskrywingspunt.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie vir Samelewing 1.

C. Dr. H.G. Stoker stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika rig ‘n ernstige versoek tot die Hoë Owerheid van die land om weer die doodstraf in te stel as middel deur God aan hom verleen om die vlaag moorde wat die land tans teister, te straf en bekamp, sodat die burgers in groter rus en vrede kan leef.

Die Sinode gee in sy mandaat aan die Deputate vir skakeling met die Hoë Owerheid weer opdrag om vertoë te rig tot die herinstelling van die doodstraf, in die lig van Skrif en Belydenis.

Motivering

1. God het aan die owerheid die reg en mag verleen om die moordenaar vir sy oortreding te straf en, as dit nodig is, hom selfs met die dood te straf. Volgens Gen 9:6 het die Here gesê: “Wie die bloed van die mens vergiet, deur ‘n mens sal sy bloed vergiet word.” En in Romeine 13:4 word van die Owerheid gesê: “Hy is ‘n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad wil doen, vrees dan: want hy dra die swaard en nie verniet nie, want hy is ‘n dienaar van God, ‘n werker om die en wat kwaad doen te straf”.
2. Die uitdruklike vermelding van die swaard, toon dat die owerheid van God die reg en plig ontvang het om die daad te straf.
3. Die owerheid wat die instrument van die doodstraf ongebruik laat, minag en versaak die roeping wat God op hom gelê het om moordenaars te straf met die straf wat in die regte verhouding staan tot die oortreding wat begaan is.

Besluit: Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee in die sin dat die besluit van Sinode 1994 oor die doodstraf aan die owerhede van Suid-Afrika en Namibië deurgegee word. Die Deputate wat hiervoor aangewys word, moet ook in hierdie verband op die belangrikheid van die regverdige toepassing van die doodstraf wys. In ‘n regstaat (volgens die Grondwet) behoort regsekerheid vir elke burger as waarborg aanwesig te wees.

24.6 BESKRYWINGSPUNT SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE : STATUS VAN DIE 1991-BESLUIT IN SAKE APARTHEID (Artt.105, 188)

A. Dr. P.W. Bingle stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie vir Samelewing 2.
C. Ds. J.H. Grobler stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT

1. Beskrywingspunt

Die Sinode word opgeroep om:

1. te bevestig dat die besluit van Nasionale Sinode 1991(Acta 1991:157, 160-169) as kerklike besluit geld. Die besluit lui: “...that the ideology of apartheid, which is a political and social system by which human dignity is adversely affected, and whereby one particular group is detrimentally suppressed by another, cannot be accepted on Christian ethical grounds because it contravenes the very essence of reconciliation, neighbourly love and righteousness, the unity of the church and inevitably the human dignity of all involved and therefore is a sin and the biblical justification of it is a heresy”;

(2) in ag te neem dat genoemde besluit die mees onlangse en direkte besluit oor die saak is; en

(3) te onderneem om besluite en handelinge wat met genoemde besluit in stryd is, as herroep (gerojeer) te beskou.

2. Motivering

2.1 ‘n Besluit om die status van bogenoemde 1991-besluit buite twyfel te stel, is nodig omdat besluite van Sinodes sedert 1991 sowel as die hantering daarvan in die kerklike praktyk daaroor twyfel gestel het.

‘n Voorbeeld hiervan:

Nasionale Sinodes sedert 1991 het die besluit ter sprake nie as beslissende uitspraak oor “volkere-verhoudinge” gebruik nie.

Die Nasionale Sinode van 1991 was gekonfronteer met ‘n uitgebreide lys “knelpunte” met betrekking tot kerklike besluite en handelinge van die GKSA wat die Deputate in gesprek met verteenwoordigers van die ander ‘Nasionale’ Sinodes versamel het. Almal hou verband met ‘volkereverhoudinge’.

Enkeles kan genoem word: GKSA se besluite is ideologies gekleur en die Skrifberoep gaan nie op nie; etnisiteit is oorbeklemtoon; apartheid is Bybels geregverdig; swye oor onreg onder apartheid; onsekerheid of GKSA-besluite nog geld terwyl sommige besluite in spanning met mekaar verkeer, ens. (Acta 1991:649-652). Die besluit dat Deputate hierdie knelpunte met die ander Sinodes moet opneem, is vreemd aangesien dieselfde Sinode ’n besluit geneem het wat sodanige samesprekings so te sê oorbodig maak. Nasionale Sinode 1994 (Acta 1994:591-608) behandel ‘n Meerderheids- en Minderheidsrapport van die Deputate vir Korrespondensie met ander Sinodes (Middellande, Soutpansberg en Suidland). Die Meerderheidsrapport verwys instemmend na 1991 se besluit (Acta 1994:595, 1.7.2), terwyl die Minderheidsrapport daarna verwys as ‘n uitspraak wat wys op die “gevaar” dat apartheid tot ‘n ideologie verhef kan word (Acta 1994:603, 1.2.4.1-2). Laasgenoemde kom daarop neer dat 1991 se uitspraak nie oor apartheid handel wat in SA bedryf is en deur die GKSA gesteun is nie.

Die status wat Sinode 1994 aan die besluit van 1991 heg, blyk uit die opdrag aan die nuwe Deputate: Hulle moet “gemotiveerd en gespesifiseerd” adviseer oor moontlike “handhawing, skrapping en/of wysiging van sodanige besluite” (Acta 1994:608). Die besluit van 1991 figureer nie en ook nie die konsekwensies wat dit het vir die besluite wat die Deputate moet nagaan nie. Daarby bly die Sinode in gebreke om die ‘Dokument van Ooreenstemming’ wat die Deputate met die ander Nasionale Sinodes se Deputate bereik het, te aanvaar. Die uitvoering van die opdrag word nie in die Rapport van die Deputate gereflekteer nie (vgl. Acta 1997: 864-870).

2.2 Die pad wat die Beskrywingspunt aandui, sal ook daartoe bydra dat die “innerlike spanning” wat daar bestaan tussen vorige besluite oor maatskaplik-staatkundige verhoudinge opgeklaar word. Hierdie “innerlike spanning” tussen besluite oor maatskaplik-staatkundige verhoudinge is reeds in 1988 deur die Nasionale Sinode erken in antwoord op kritiek van die CRC oor die “two different ecclesiologies” wat uit die besluite oor kerklike verhoudings blyk (Acta 1988: 845, 854-855). Kyk ook Acta (1994: 608) en Acta (1997:864-870).

2.3 Die belangrike areas van innerlike spanning word aangedui as volg:

2.3.1 Oor eenheid en verskeidenheid (Acta 1967:187, b (1), (3)-(5))

Hierdie besluit stel kategories: “God wil geen eendersheid nie” met ‘n beroep op Gen 1, 10, 11 en Hand 17:26. Verdere afleidings uit genoemde tekste is

- dat die sonde alles gelykskaaf tot die enersheid van Babel
- dat valse eenheidstrewe en uitwissing van grense onskriftuurlik is en na die ryk van die Antichris lei;
- dat elke volk geroep is om sy volkseie te bewaar;
- dat kosmopolitisme in stryd is met die ordinansie van God.

Nasionale Sinode 1988 (Acta 1988:50-51, 3.2 en 3.3) het reeds 1967 se besluite weerspreek en met ’n aanvaarbare formulering vervang. Sinode 1988 stel die eenheid van die menslike geslag as Skrifleer primêr. “In die loop van die geskiedenis roep God volke, nasies en tale in aansyn. God bepaal hoe lank nasies en volke sal bestaan en waar hulle sal woon (Hand 17:26)”. Verskeidenheid kom nog in die koninkryk in hierdie bedeling voor; verskille en vyandskap word in Christus oorbrug en versoen. Uitdruklik word verklaar: “Die handhawing, verandering en/of opheffing van volksidentiteite val onder God se regering, terwyl die Heilige Skrif hieroor geen voorskrifte gee nie”.

Hierdie uitspraak hou in dat die Skrifberoep vir Goddelike opdrag om volksidentiteit ten alle koste te bewaar, ongeldig is. Omdat die Sinode nie hierby uitdruklik gesê het dat vorige besluite hiermee herroep word nie, het mense hulle op die 1967-besluit beroep (en daarmee ook op die Skrifgegewens wat daarby gegee is) asof dit nog geldig en stawend tot die argument is.

2.3.2 Oor gebiedskeiding (Nas. Sinode Acta 1967:187, 7)

Handelinge 17:26 word hier gebruik om te bewys dat God vir elke volk sy plek gee, dus dat elke volk sy eie grondgebied moet hê. Nasionale Sinode 1985 (Acta 1985:429, 430) het hierdie beroep op die Skrif reeds verwerp en gestel dat die Bybel die verskynsel van volke en

lande as "gegewene" hanteer. Die Skrif behoort dus oor volke en lande deskriptief (beskrywend), en nié preskriptief (voorskriftelik) nie, vertolk te word. Op die vraag of verskillende volke in dieselfde land kan woon en nog hulle identiteit kan behou, kan nie sonder meer uit die Skrif 'n antwoord gegee word nie, sê Sinode 1985 (Acta 1985:430; vgl. ook Acta 1988:51, 3.3).

2.3.3 Oor voogdyskap (Nas. Sinode 1967 (Acta 1967:187, (6))
Hierdie punt stel dat die meer ontwikkelde volk die minder ontwikkelde moet stimuleer in sy kultuuropdrag. Die voer van gesag van een volk oor 'n ander volk word as "gestel in die situasie" aanvaar. Dit lyk asof "die genadige beskikking van God" hier as beroep gebruik word om as voog op te tree. Hierdie besluit is moontlik agterhaal deur 'n uitspraak van Nas. Sinode 1985 wat sê dat die Bybel nie regstreeks gegewens verskaf om die vraag te beantwoord wie of wat die volk is wat op SA land aanspraak kan maak nie, en ook nie wat die aanspraak behels nie. (Acta 1985:429, 3.1.3). Geen besluit kon gevind word wat die 1967-besluit herroep nie.

2.3.4 Oor kerklike verhoudings (Nas. Sin Acta 1967:188, 1-7) en Nas. Sinode (Acta 1988:878, 4.3)
In die loop van jare is 'n verskeidenheid besluite oor kerklike verhoudings geneem waarin enersyds die eenheid van die kerk as Bybelse uitgangspunt geneem is en andersyds die verskeidenheid binne die kerk op so 'n wyse beklemtoon is dat dit 'n gelyke waarde met die eenheid verkry het en die eenheid onder 'n vraag gebring het. Die Skrifberoep vir genoemde besluite, naamlik Openbaring 5:9 en 7:9 sowel as Handelinge 2 (Pinkstergebeure) is weereens ongeregverdig omdat blote beskrywing as normatief (preskriptief) geneem word (vgl. die kritiek van die Chr. Ref. Church, Nas. Sinode (Acta 1988:845, 863). Die formulering deur die Nas. Sinode (Acta 1988:60, 2.2) behoort bogenoemde besluite te vervang omdat die eerste besluit vry is van 'n ideologiese benadering wat eie is aan apartheidsdenke, terwyl dit ook ruimte gee aan ongedwonge verskeidenheid op praktiese gronde (vgl Acta 1985:435, 437: 3.3.2.9 wat presies met Acta 1988: 60 ooreenkom).

2.4 Die geloofwaardigheid van die GKSA se getuienis sal ten beste gedien word indien die getuienis duidelik is en nie vir tweërlei opvatting vatbaar is nie.

Besluit: Aan die Beskrywingspunt word nie gevolg gegee nie.

1. Motivering

1.1 Die Beskrywingspunt versoek dat daar met kerklike besluite gehandel moet word op 'n wyse wat strydig is met KO, artikel 31.

1.2 Die Beskrywingspunt verwar die ideologie van apartheid met besluite van die sinodes wat geneem is oor volkereverhoudinge op grond van die Skrif, Belydenis en die Kerkorde.

1.3 Die Beskrywingspunt toon nie aan watter ander besluite van die verlede slegs oor die ideologie van apartheid handel nie. Verder is dit ook nie duidelik watter sodanige besluite (indien enige) gerojeer moet word nie.

1.4 Rojering van alle vorige besluite sou die geskiedenis waarop die besluit van 1991 berus, tot niet maak. Vorige Sinodebesluite vorm deel van 'n bepaalde historiese lyn.

24.7 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE WES-TRANSVAAL OOR 'N PROFETIESE GETUIENIS (Artt.107, 191)

A. Dr. C.J. Smit stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie vir Samelewing 2.
C. Ds. D.J. Bakker stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT

Nasionale Sinode 2000 aanvaar die volgende Beskrywingspunt wat ….

1. *as 'n profetiese getuienis uitgereik word, en*
2. *na elke kerk vir behandeling deurgestuur word, op 'n wyse dat dit deur Gereformeerdes as riglyne vir profetiese getuienis van ons kerkwees in die wêreld gebruik kan word.*

1. Visie, 'n vooruitskouing

By die oorgang van die eeu oordeel die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dat dit wenslik is om daagliks te midde van

(a) die verdeeldheid van die kerk van die Here op aarde,
(b) verskillende stemme in ons tyd oor kerkwees in die wêreld,
(c) misleidende denkstrome, die volgende getuienis te lewer.

Ons doen dit op grond van die Skrif en Gereformeerde belydenis – in diepe afhanklikheid van God:

Oor ons kerkwees in die hede

God roep ons as Gereformeerde Kerke om Hom as die enigste ware God te bely en die Bybel as sy gesagvolle Woord onvoorwaardelik in hierdie wêreld tot die verheerliking van sy Naam te erken en gehoorsaam uit te leef.

Na binne

in die kerkverband

1.1 deur ons belydenis as Gereformeerde Kerke onverswak in eenheid te handhaaf, waaronder die Evangelie in die erediens en op elke lewensterrein suiwer te bly verkondig, die sakramente suiwer te bedien en die kerklike tug volgens die Woord toe te pas

om al hoe meer te word wat ons is: die bruid van ons Here Jesus Christus in hierdie verbygaande wêreld;

1.2 deur die eenheid van ons kerkwees in Jesus Christus te handhaaf op grondslag van die Bybel, binne die raamwerk van die Gereformeerde Belydenis, die Kerkorde, liturgiese beginsels én binne die kenmerkende etos van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, waardeur kerklike eenheid nie tot 'n noodwendige enersheid verskraal word nie

om nie die kerklike eenheid in Jesus Christus in die gedrang te bring deur Skrifverantwoorde variasies in liturgiese en metodiese aangeleenthede binne bogenoemde raamwerk te verwerp nie.

Ekumenies

1.3 deur met alle Gereformeerde Kerke in die wêreld, wat Reformatoriese Belydenisskrifte handhaaf, van harte vir die bevordering van die koninkryk van God saam te werk

om daadwerklike uitvoering aan ons gesamentlike erkenning te gee dat die eenheid van Gereformeerde Kerke as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping gesien moet word.

Na buite

in die wêreld

1.4 deur die Evangelie in Suid-Afrika, maar ook in Afrika (waar deure vir ons oopgegaan het) en wêreldwyd, na die beste van ons vermoë uit te dra

om aan te hou om die Evangelie van Jesus Christus te verkondig, waardeur sy koninkryk reeds in hierdie wêreld deurbreek en helend kan werk in ons diep verdeelde land en in 'n kontinent met hoë konflikpotensiaal.

in die gemeenskap

1.5 deur ‘n Gereformeerde stem in die hele gemeenskap te laat hoor deur die vestiging van Skrifwaardes op elke lewensterrein – veral ten opsigte van die brandpunte van ons tyd –

- in getuienis teen sonde wat volgens die Eerste tafel van die wet God regstreeks onteer, soos dit veral in die openbare lastering van sy Naam voorkom
- in getuienis teen sonde wat volgens die Tweede tafel van die wet in ons gemeenskap veral saamtrek in misdaad, geweld, sedeloosheid, minagting van menselewens en rassisme
- in getuienis oor alle mense se gemeenskaplike verantwoordelikheid, kragtens God se kultuuropdrag aan die mens, vir die bewaring en beskerming van die omgewing

om deur profetiese getuienis en daadwerklike hulp, waar nood dit vereis, mense tot ‘n herstelde verhouding met God in en deur Jesus Christus op te roep en ook ons koningskap oor die natuur as ‘n skeppingsopdrag uit te leef;

teenoor die staatsowerhede

1.6 deur vir die staatsowerhede voorbidding te doen en getuienis uit die Woord van God te lewer, waar dit nodig is ook by wyse van konstruktiewe kritiek – sodat hulle volgens die wil van God kan regeer

om te verseker dat die inwoners van die land ‘n rustige en stil lewe kan lei en dat ons as kerke ons roeping sal kan vervul;

ten opsigte van tydstrominge

1.7 deur volgens die Skrif te onderskei waarop dit werklik aankom in dié tyd van globalisering waarin die wêreldwye Godvervremende denk- en daadstrominge voorkom en waardeur baie moderne kerkmense al hoe meer van God en sy Woord vervreem word

om waaksaam te leef teen die naderende koms van die laaste Godsvyandige magte op aarde voor die wederkoms van Christus en om die lig van die Skrif te laat val, in die kerk en die gemeenskap, op die dringendheid van die tye wat reeds ‘n nuwe bedeling begin inlei.

2. Besinning, ‘n terugblik

Ons verklaar in ootmoed voor God:

Oor ons kerkwees in die verlede

2.1 Ons bely dat God ons van die begin van ons bestaan as Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geroep het om die Gereformeerde Belydenis in hierdie wêrelddeel tot verheerliking van sy Naam te vestig en uit te leef;

2.2 Ons het van die begin af ons roeping gebrekkig uitgevoer deurdat ons

- méér sy gestalte in die wêreld moes vertoon het deur die Evangelie beter op elke lewensgebied uit te leef en uit te dra;
- méér die liefde en offervaardigheid van Christus teenoor minderbevoorregtes moes getoon het, en beter in woord en daad teen onreg, armoede en ander misstande moes getuig en gewerk het;
- méér ons daadwerklike meelewing met alle lydendes moes betoon het;

2.3 Ons is diep dankbaar vir die werk in diens van God se koninkryk wat deur sy genade gedoen kon word

- in Woordverkondiging waardeur die kerke opgebou kon word;
- in groeiende sendingswerk wat onder die volke van die land en verder in Afrika tot stand gekom het;
- in die uitlewing van ons roeping op terrein van die samelewing waaronder bydraes tot die verligting van armoede, die bevordering van onderwys en opvoeding en in getuienis teen maatskaplike misstande.

3. Vorentoe - 'n oproep

Ons roep al die Christene op om die komende tye in vaste vertroue op God tegemoet te gaan met die wete dat sy beloftes nie net vir één dag van krag is nie, maar dat dit in elke dag se geloofswerke volvoer word

- om die Evangelie van versoening met God en vrede met die mense volhardend uit te dra deur die vestiging van Skrifwaardes op elke lewensgebied;
- om die liefde en geregtigheid van Christus aan alle mense te laat blyk en daartoe by te dra om die konflikpotensiaal in ons land teë te werk;
- om in toenemende werkloosheid en armoede op elke geregverdigde wyse te help om lyding onder mense te verlig;
- om die morele verval, wat tot allerlei wandade in die samelewing lei, sover moontlik deur die Woord en daad te help bekamp;
- om die staatsowerhede te oorreed om reg en orde op so 'n wyse te handhaaf dat die kerke hulle roeping optimaal kan vervul;
- om daarteen te waak dat daar nie net bloot gekonsentreer word op regte nie, maar veral ook op die verantwoordelikheid van die mens voor God.

Ons roeping is die verheerliking van sy Naam, ons strewe is die uitbreiding van sy koninkryk, ons stryd is die volvoering van sy wil. Ons doel is om sy dienaars vir die uitbreiding van sy koninkryk te wees, totdat dit in volheid kom.

Besluit: Aan die Beskrywingspunt word nie gevolg gegee nie.

Motivering

1. Die inhoud van die "profetiese getuienis" punte 1-3 is bedoel as 'n bekendstelling van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (GKSA), maar die voorstel vir 'n profetiese getuienis is identiteitloos.

1.1 Die voorstel sou net so goed deur verskillende ander geloofsgroepe of kerke aangebied kon word.

1.2 As "bekendstellingsdokument" (soos voorgedra deur die toeligter) ontbreek die bekendstelling van die inhoud van waarvoor die GKSA staan, bv. wat sy Belydenis (skrifte) is, ens.

1.3 Die "profetiese getuienis" as bekendstelling van die GKSA kan moeilik sê wie die GKSA werklik is.

2. Indien die GKSA homself na buite (ekumenies) bekend wil stel, behoort dit te geskied aan die hand van ons Belydenisskrifte en nie aan die hand van 'n "visie-" dokument soos hierdie "profetiese getuienis" nie.
3. Om 'n "profetiese getuienis" te laat uitgaan, is in die reël die taak die plaaslike kerkraad (KO, artt. 16, 23 en 30).
4. Profetiese getuienis van die GKSA oor konkrete sake geskied reeds langs die weg van KO, artt. 18 en 28.
5. 'n Bekendstelling van die GKSA is nodig, maar die Beskrywingspunt as "profetiese getuienis" voldoen nie daaraan nie.